## Proefskrifbesprekings


De Beer, P J – Botes, H J 1989. *Ds L E Brandt (1873-1939) as kerklike leier en bouer* .......... 317-320
Van der Watt, J G – Nortjé, S J 1988. *Johannes die Doper in die Vierde Evangelie* .......... 320-322


## Boekbesprekings


Barkhuizen, J H – Stoop, J A A A 1992. *Die Klementynse liturgie* ...... 322-326
Beukes, M J du P – Vos, C & Müller, J (reds) 1989. *Geboorte en kindwees* .......... 326-328
Bezuidenhout, L C – Prinsloo, W S 1991. *Die Psalms leef: 'n Eksegetiese studie van Psalm 3, 15, 23, 112, 126, 131, 136, 148* .......... 328-330
Bezuidenhout, L C – Burger, C W, Müller, B A & Smit, D J 1990. *Verdere riglyne vir adventsprediking* .......... 330-332
Botma, M A – World Council of Churches 1990. *Church and world* 332-335
Botma, M A – Thorogood, B 1991. *One wind, many flames: Church unity and the diversity of the churches* .......... 335-336
Delport, J M – Van der Waal, G-M & Hagg, G 1990. *Venster op die stad. A Window on town art* .......... 336-337
Dreyer, T F J – Grey, J 1990. *Predikant-wees vandag: Praktiese voorstelle vir spesialisering en privatisering deur predikante van die Nederduitse Gereformeerde Kerk* .......... 337-340
Du Rand, J A – Dormeyer, D & Hauser, L 1990. *Weltuntergang und Gottesherrschaft* .......... 340-341
Engelbrecht, E – Du Toit, A B (red) 1990. *Die Johannesevangelie; Hebreërs tot Openbaring: Inleiding en teologie* .......... 341-342
Engelbrecht, J J – Vos, C & Müller, J (reds) 1990. *God in ons lyding* .......... 342-344
König, A – Fowler, S 1991. *National identity and the renewal of democracy* .......... 344-345
Naudé, J P – Nannen, E 1991. *Carl Gustav Jung: Der getriebene Visionär* .......... 345-347
Naudé, R M – Monsma, G N, Orkar, E, Bruwer, E, Munane, E *et al* 1991. *Poverty in Southern Africa* .......... 347-350

Pont, A D – Hofmeyr, J W 1988. *Die Nederlandse Nadere Reformasie en sy invloed op twee kontinente: 'n Vergelyking van die invloed en deurwerking van enkele aspekte van die Nederlandse Nadere Reformatie in die Suid-Afrikaanse en Noord-Amerikaanse kontekste* ......... 350-355
Smith, D J – Lategan, L O K 1991. *Genadedood of dood sonder genade?* ........ 355-358
Smith, D J – Van der Walt, B J & Van der Nest, D G 1991. *Proefdiernavorsing* ........ 358-360
Smith, D J – *Venster op mag en geweld: Christelike perspektiewe 1990.* 360-365
Strauss, P J – Pont, A D 1991. *Die historiese agtergronde van ons kerklike reg, deel 2* ........ 365-369
Van der Westhuizen, H G – Saayman, W 1991. *Christian mission in South Africa* ........ 369-372
Van Wyk, I W C – Kinnamon, M (ed) 1991. *Signs of the Spirit* ........... 372-373
Van Wyk, I W C – König, A 1991. *Bondgenoot en beeld, deel 4: Oor die wese van die mens en die wese van die sonde* ........ 373-376
Van Zyl, F J – Volkman, B 1990. *Wo ist Wahrheit?* ........ 376-378

# Proefskrifbesprekings

**Botes, H J 1989 – Ds L E Brandt (1873-1939) as kerklike leier en bouer**

Ongepubliseerde DD-proefskrif, Universiteit van Pretoria. Promotor: Prof dr A D Pont

**Resensent: Dr P J de Beer**

## INLEIDING

Soos die titel aandui, handel die proefskrif oor die veelbewoë lewe en werk van ds Louis Ernst Brandt, een van die pionier-predikante van die Nederduitsch Hervormde Kerk in Suid-Afrika. Hy sou die heel laaste van die groot leidinggewende Nederlanders wees wat na die Transvaal gekom het om hier te lande in die Hervormde Kerk betekenisvolle bouwerk te kom doen tussen verarmde en verwaarloosde mense wat in grenslose verwarring geleef het.

Gedring deur 'n roepingsbewustheid, verlaat hy die gunstige omstandigheid van sy geboorteland om onder die noodlydende stamgenote in Afrika, wat onder haglike omstandighede lewe, te kom arbei. Vir meer as dertig jaar lewer hy werk van onskatbare waarde op haas onbeperkte terreine in die kerk en samelewing. Met onblusbare ywer en 'n byna kinderlike geloof onderskei hy hom as 'n prediker van formaat, bewoë pastor, kultuurmens, kranige sportman, vir 21 jaar voorsitter van die Algemene Kerkvergadering, stigter en organiseerder van menige vereniging vir kindersorg en liefdadigheid, pleitbesorger vir die oprigting van 'n teologiese fakulteit en die sendingarbeid van die kerk en nog veel meer.

## OORSIG

Die studie beslaan 563 getikte bladsye wat in tien hoofstukke verdeel is. Die geskiedenis word kronologies-ontledend beskryf.

Hoofstuk 1 beskryf die afkoms en jeugjare van Brandt wat as jongeling grootword in een van die *elitaire*, welaf families van Nederland in die *La Belle Epoque*-periode wat gekenmerk word deur swier en elegansie.

Hoofstuk 2 skets Brandt se studiejare aan die Utrechtse Akademie waar die teologiese klimaat gedomineer word deur die etiese teologie. Sy betrokkenheid by kerklik-godsdienstige en kulturele organisasies word beskryf, asook sy sportaktiwiteite as 'n sportman van internasionale gehalte.

Die derde hoofstuk handel oor Brandt se voltydse werk as reisende sekretaris van die NCSV en sy vermoë om op internasionale vlak te organiseer en met bekende mense te

onderhandel. Dit was vir sy latere lewe in Transvaal 'n ervaring van onskatbare waarde.

Die vierde hoofstuk beskryf sy lewe en werk in die pastorie van sy eerste gemeente van Niezijl, geleë in die plattelandse omgewing in die noorde van Nederland. Tydens sy rustige verblyf in hierdie gemeente, tree hy in die huwelik met Johanna, die dogter van ds N J van Warmelo, wat toe reeds betrokke was by die vroue-spioenasiediens ten behoewe van die Boeremagte in Suid-Afrika. Hierna is die betekenisvolle besluit geneem om sy diensarbeid in Suid-Afrika voort te sit.

Die Brandts se kennismaking met die swaargeteisterde Afrikanervolk ontvou in 'n boeiende vyfde hoofstuk. Na 'n kort verblyf in die Kaapkolonie vertrek hulle op 25 Januarie 1904 na Pretoria waar hy met die Hervormde Kerk kennis maak – wat vir hom 'n ontnugterende ervaring was. Hy besluit om die beroep na Zoutpansberg/Waterberg aan te neem, 'n besluit wat verreikende gevolge sou hê vir die lewe en werk van die kerk.

Die pionierswerk wat Brandt van 1904 tot 1908 in die noordelike dele van Transvaal verrig het, word in die sesde hoofstuk bespreek. Sonder teenspraak kan beweer word dat Brandt as een van die baanbrekerpredikante nie sy gelyke gehad het wat volgehoue, toegewyde herderlike versorgingswerk betref nie.

Op 16 Februarie 1908 word Brandt in Johannesburg as eerste voltydse Hervormde predikant aan die Witwatersrand bevestig. Daar het 'n wanhopige situasie onder Afrikaners geheers. Vir sestien jaar sou Brandt hier onder die moeilikste omstandighede denkbaar arbei. Tydens hierdie periode van sy lewe is hy ook verkies tot Voorsitter van die Algemene Kerkvergadering. Vir 21 jaar het hy dié posisie met groot nougesetheid en waardigheid beklee.

Hoofstukke 8 en 9 beskryf sy arbeid in die gemeentes Vereeniging en Heilbron 1923-1930 en sy laaste tydperk as predikant van Turffontein-Kensington 1930-1939. Hoofstuk 10 bevat 'n waardering van Brandt se teologiese benadering en sy arbeid in Suid-Afrika tot sy dood op 23 Junie 1939.

## RESULTAAT

Botes het op voortreflike wyse daarin geslaag om nie alleen Brandt as ongekunstelde kultuurmens en gelowige pastor te verwoord nie, maar terselfdertyd 'n interessante blik te gee van die worsteljare en heropbou van die Nederduitsch Hervormde Kerk ná die Engelse Oorlog van 1899-1902. Oor hierdie besonder verwarrende tydsgewrig is daar voorheen weinig omvattende studie gedoen van die Kerk se rol en betekenis. Daarom is hierdie studie 'n kosbare kultuurhistoriese

dokument en 'n gewaardeerde bydrae tot die kerkgeskiedskrywing. Dit vertel die verhaal van mense wat in uiters benarde omstandighede met karige middele tot hulle beskikking 'n worstelstryd gevoer het wat menslikerwys 'n hopelose saak was. Die geloofmoed en selfopofferings wat daarmee gepaard gegaan het, is aangrypend. Die groot opbloei van die Kerk in die afgelope vier dekades kan nooit na waarde geskat word sonder die diepgaande studie van die voorafgaande tydperk nie. En juis hierin lê die waarde en betekenis van Louis Ernst Brandt: Hy was 'n pionier en gewaardeerde kerkleier op die voorpunt van die lewe en werk van die Hervormde Kerk. Met fyn begrip en aanvoeling het Botes dit deurgrond.

## KRITIEK

Twee gewaarwordings wel voortdurend by die lees van hierdie proefskrif op: Eerstens voel 'n mens die verleentheid van die skrywer aan teenoor sy bronne. Hy het immers die Brandt-versameling, wat hy self tipeer as 'die grootse versameling van die aard in Suid-Afrika' tot sy beskikking (bl 3). Vanweë Brandt se konsensieuse aard het hy inderdaad met ywer en toewyding alle korrespondensie noukeurig bewaar. Daarby was mev Brandt ook 'n kranige korrespondent en skrywer.

Tot 'n groot hoogte vertel hulle self op onderhoudende wyse die geskiedenis. Botes moes selekteer en self oordeel wanneer hy dit self moet verwoord of eenvoudig die Brandts aan die woord moes stel en dit van kanttekeninge voorsien. Dit doen hy in 'n ruim mate. Maar die werk kon aansienlik ingekort gewees het as die lang briewe in die teks en in die aantekeninge ontledend verwerk is.

Tweedens is die leser voortdurend bewus van die eerbied en piëteit wat Botes teenoor Brandt handhaaf. Hy is aangegryp deur die voortreflike deugde van dié fynbesnaarde man wie se lewe en werk hy beskryf en behou voortdurend 'n eerbiedige afstand. Stylvol hanteer hy Brandt se leed rondom sy huwelik met mev Brandt wat volgens hom 'bekend was vir haar onortodokse optredes' (bl 558) – Brandt verduur dit gelate. Slegs een keer, kort voor sy dood, skryf Brandt byna verwytend: 'De dinge van moeder is baie moeilik...Daar sal wel 'n besliste wending kom in die verhouding tussen ons' (bl 531).

Beide bogenoemde gewaarwordinge kan positief en negatief beoordeel word. Die leemte is egter dat 'n kritiese ingesteldheid by Botes ontbreek. Dit is slegs in 'n sekere sin waar dat Brandt 'geen kontroversiële figuur [was] nie' (bl 557). Hy was dit inderdaad! Hy word immers verkwalik dat hy tot die politiek toegetree het, sy verbintenis met die Victoria

Leaque en sy huislike lewe wat deur die 'onortodokse optredes' van sy vrou onder verdenking kom. Die feit dat Brandt bitterlik deur die kerkraad verwyt word oor sy vrou 'wat Apostolie is' (bl 499) en dat sy afwyk van die leer van die kerk, dompel hom in 'n krisis, want hy word gevra om te bedank as predikant. Hier is dus wel sprake van 'n 'Brandt Tragicus' (bl 2).

'n Leemte wat in die besonder betreur moet word, is die feit dat Botes nie vir Brandt as teoloog beoordeel nie. Ek twyfel of so 'n beoordeling buite die bereik van die navorser is. Sommige van Brandt se preke is beskikbaar, hy was 'n ywerige korrespondent, skryf dikwels in *De Hervormer* en skryf ook maandeliks vanaf 1909 tot 1917 'n gereelde rubriek, 'Kroniek', in *De Hervormer*. Veral omdat daar tog baie onnodige gegewens in die studie opgeneem is, kon 'n hoofstuk gewy word aan hierdie belangrike aspek.

'n Verdere leemte in die proefskrif is ongetwyfeld dat dit nie voorsien is van 'n literatuur- of bronnelys nie. Dit is eintlik onbegryplik dat hierdie uiters belangrike kritiese apparaat in so 'n werk kan ontbreek.

Botes beskik oor die besondere vermoë om onderhoudend met goeie taalbeheer te skryf. Die werk getuig van uitstekende taalversorging en goeie afwerking. Dit is jammer dat slegs enkele afwykings die andersins goedversorgde proefskrif ontsier. So word afwisselend geskryf van Engelse Oorlog (bv bl 1), Engelse oorlog (bv bl 5, 38, 117, 157 ens) en Engelse-oorlog (bv bl 115). Verder is dit jammer dat die naam van Daniël Chantepie de la Saussaye (bl 29) verder afwisselend aangedui word as Chantepie (bl 30) en dan weer as De la Saussaye (bl 30 vv) en Chantepie de la Saussaye (bl 33). Dit dien as 'n besondere pluimpie vir Botes dat slegs hierdie enkele afwykings aangedui kan word. Dr Botes word gelukgewens met hierdie besonder kosbare studiearbeid.

---

## Nortjé, S J 1988 – Johannes die Doper in die Vierde Evangelie

Ongepubliseerde proefskrif vir die graad Doktor in Lettere en Wysbegeerte: Randse Afrikaanse Universiteit. Promotor: Prof P J du Plessis

Resensent: Prof J G van der Watt

In hierdie proefskrif word die figuur en boodskap van Johannes die Doper in die Johannesevangelie ondersoek. Daar word begin met 'n verantwoording vir die studie, asook vir die metodologiese wyse waarop daar gewerk word. 'n Kort uiteensetting van die behandeling van Johannes die Doper in die Sinoptiese Evangelies word vervolgens gegee. Daarna word die

verwysings na Johannes die Doper in die Evangelie op tipies Suid-Afrikaanse wyse eksegeties ondersoek met 'n kort opsomming aan die einde. My indruk is dat die afdelings goed deurdag en deeglik gedoen is. Dit word ook in helder en goeie Afrikaans (met min foute) aangebied.

Vir iemand wat meer van Johannes die Doper in die Johannesevangelie wil weet, sal hierdie proefskrif handige en begronde materiaal bied.

Tog moet enkele sake hier aangeroer word. 'n Studie op hoofsaaklik intrinsieke wyse oor Johannes die Doper in die Johannesevangelie is sekerlik geregverdig vir doktorale navorsing. Die knoop lê egter spesifiek by die *onderwerp*: *Johannes die Doper* in die *Johannesevangelie*. Soos dit die geval is met die meeste onderwerpe in die Johannesevangelie, bestaan daar in die kommentare (vgl bv Schnackenburg, Brown, Barrett, Lindars, Morris en Carson) volledige beskrywings van die intrinsieke (en ekstrinsieke) gegewens rakende 'n figuur soos Johannes die Doper. Ten einde 'n tematiese uiteensetting van 'n onderwerp te kry, moet hierdie gegewens net saamgegroepeer word. Met die 'saamgroepering' kan die inligting wel weer deur die meul van die eksegese gemaal en verwerk word deur byvoorbeeld die 'blokkies' inligting miskien anders te 'rangskik', maar werklike nuwe insigte is skaars, soos ook uit hierdie proefskrif blyk. Dit hang saam met die problematiek rondom Johannes die Doper in die algemeen. Die problematiek sny wyd buite die Evangelie in vrae in wat verband hou met die beeld van die Doper in die Sinoptiese Evangelies teenoor Johannes (wat wel kortliks in die proefskrif aandag kry), die bestaan van 'n Dopersekte, die verhouding tussen Jesus en Johannes die Doper, ook ten opsige van Jesus se moontlike dissipelskap van die Doper en so meer. Bogenoemde vrae vereis veral ondersoeke op histories-vergelykende vlak, hoe moeilik dit ook al in die Johannesevangelie mag wees. In die proefskrif word wel na die problematiek verwys, maar dit word nie bevredigend behandel nie.

Met hierdie opmerkings word die boek nie as minder bruikbaar afgemaak nie – allermins. Die leser moet egter presies weet wat die boek kan bied. Binne die breë debat rondom Johannes die Doper – wat op die oomblik in Europa lewendig is – bied hierdie boek 'n versameling en beoordeling van die gegewens volgens die Johannesevangelie op hoofsaaklik sinchroniese vlak. 'n Volledige beskrywing van die debat rondom Johannes die Doper word nie aangetref nie en is ook nie die bedoeling van die boek nie.

Wat wel binne die raamwerk van die boek tuishoort en wat, myns insiens, nog verder uitgewerk moes wees, is wat in algemene terme as 'ag-

tergrondsmateriaal' beskryf kan word. Om 'n behoorlike profiel van Johannes die Doper en sy boodskap in die Evangelie te kry, is die effektiewe en verantwoorde aanwending van agtergrondsmateriaal uiters noodsaaklik. Die skrywer kon nog meer hiervan gemaak het.

In die lig van wat reeds gesê is, is dit duidelik dat die boek via 'n samevattende bespreking van die gegewens in die Johannesevangelie die deur 'oopmaak' vir toetrede tot die breëre 'Johannes-die-Doperdebat'. Hierin lê die meriete van die boek, asook die rede vir aanbeveling.

# Boekbesprekings

Stoop, J A A A 1992 – Die Klementynse liturgie

Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika. 282 bladsye. Prys onbekend

Resesent: Prof J H Barkhuizen

## INLEIDING

Met hierdie werk het professor Stoop 'n belangrike en ondernemende publikasie die lig laat sien, waardeur lig gewerp word op 'n besondere interessante tema binne die breëre raamwerk van die teologie, te wete die vroeë liturgiese aktiwiteit van die kerk – 'n studie wat immers 'n veel wyer veld aanraak as bloot 'n onderdeel van die Praktiese Teologie. Dit sprei sy vlerke ook uit na die geskiedenis van die vroeë kerk in die algemeen en die ontwikkeling van die dogma in besonder. Ook vanuit 'n letterkundige oogpunt gesien, raak dit ook die studie van 'n belangrike teks uit die vroeë patristiek. Dit bring mee dat hierdie werk, juis omdat dit die Griekse teks met vertaling bevat, ewe goed van belang is vir dosente en studente van departemente waar die Griekse patristiek doseer word.

## INHOUD

Die werk begin met 'n baie interessante en belangrike samestelling deur die outeur van 'n 'geloofscredo' soos wat dit uit die Klementynse liturgie aan die lig kom, met verwysing na die besondere paragrawe waarin die betrokke geloofsartikel voorkom. Op bladsy 61-62 bespreek hy die beginsel van die formulering van simbole wat voortgevloei het uit 'n bepaalde liturgiese praktyk.

Vervolgens bied hy die Griekse teks met, direk daarnaas, 'n vertaling

in Afrikaans aan (bl 2-39). Dit word gevolg deur 'n lywige en goed gedokumenteerde historiese inleiding wat handel oor die *Constitutiones apostolicae* (waarin die Klementynse liturgie opgeneem is) in die algemeen en dan oor die Klementynse liturgie in die besonder: plek en tyd van ontstaan, liturgiese parallelle, Bybelse aanknopingspunte vir die verskillende sake wat in die liturgie behandel word, die verhouding 'liturgie' en 'leer', die dogmatiese inhoud van die liturgie, die doksologieë, lofprysing en belydenis in die gebede, die litanieë en ten slotte opmerkinge oor die hemels-aardse liturgie (bl 41-82).

Hierna volg 'n uitgebreide kommentaar op die teks wat verskillende aspekte aanraak: teologies-dogmatiese sake, liturgiese aspekte, woordbetekenis, parallelle verwysings ensovoorts (bl 83-220). Ná die kommentaar bied die outeur 'n lys van afkortings en 'n uitgebreide bibliografie, gevolg deur sewe tipes van indekse, wat vir die leser/navorser van groot belang en nut is: Afrikaanse woorde, persoons-, eie-, saak- en plekname, Griekse, Hebreeuse en Latynse woorde en aangehaalde Bybel- en ander tekste (bl 221-282).

## BEOORDELING

Soos blyk uit wat reeds hierbo gesê is, vul hierdie werk, met sy magdom gegewens binne die raamwerk van die vroeë teologiese en liturgiese aktiwiteit van die kerk 'n groot en noodsaaklike leemte. Dit kan dan ook met groot vrug gebruik word deur geleerdes in die kerkgeskiedenis, liturgiese geskiedenis, patristiese tekste en teologie in die algemeen. Die werk getuig van 'n rype kennis van die besondere vakgebied en oortuig my weer eens van die sinvolheid van die Europese opvatting dat gesagvolle kommentare oor antieke tekste nie deur 'groentjies' onderneem kan word nie. Prof Stoop het inderdaad met sy rype kennis en ervaring die Suid-Afrikaanse teoloë en Graeci 'n groot guns bewys met die daarstelling van hierdie boek.

Omdat hy die Griekse teks aanbied en in sy kommentaar uiteraard baie Grieks gebruik, doen dié ongelukkigheid homself voor dat die werk letterlik wemel van Griekse 'aksent'-foute – 'n saak waaraan altyd, wanneer van Grieks gebruik gemaak word, groot sorg bestee moet word. Ongelukkig doen hierdie talle foute afbreuk aan die werk in die hande van 'n Graecus. Omdat daar soveel foute is – feitlik op elke bladsy – stuur ek 'n lys hiervan deur aan die outeur vir toekomstige korreksies.

Die vertaling van die outeur verdien 'n besondere pluimpie: Keer op keer vind die leser 'n netjies deurdagte weergawe van die Griekse teks in goeie Afrikaans en nooit word die leser lam gelê deur 'n onooglike letter-

like vertaling van die teks nie. Die wyse waarop die Griekse taal in idiomatiese Afrikaans weergegee word, getuig van die rype kennis van die outeur van die antieke tale, 'n kennis wat so noodsaaklik is vir kenners van die vroeë kerkgeskiedenis.

Met die ruimte tot my beskikking wil ek egter net op enkele sake in die vertaling die aandag vestig:

* in paragraaf 6.6 word die partisipium καταξιώσας ten onregte vertaal asof dit praesens is en nie aoristus nie. Die 'terwyl' van die outeur moet eerder 'nadat' wees. Dit is van belang, want die 'vereniging en inskakeling' van die katugemene kan alleen geskied *nadat hulle gedoop is*, iets wat die vertaling met 'terwyl' juis negeer.
* Hoewel die weglating van κατ' αὐτῶν in paragraaf 6.6 nie 'n krisis is nie, doen dit tog afbreuk aan die sin in geheel. So 'n weglating geskied ook in paragraaf 6.7, waar ἔτι nie in die vertaling verwerk is nie, alhoewel die outeur dit elders steeds reg doen (bv in § 7.3, 8.3 ens).
* In paragraaf 6.7 word die juiste verband tussen die ontvang van sondevergifnis en die waardigwees van die sakramente geskaad deur die vertaling. Die hele doel van sondevergifnis is om deur inwyding die sakramente waardig gestel te mag word.
* In paragraaf 7.8 is die vertaling '*verlos die werke* [van u hande uit die kragwerking van die vyandige gees]' nie idiomaties nie. 'Werke' word nie 'verlos' nie.
* By paragraaf 8.2 het ons weer, soos reeds aangedui is, 'n vertaling van 'n partisipium wat sowel grammatikaal as 'teologies' nie werk nie: μυηθέντας moet vertaal word met '*nadat* hulle ingewy is' en nie met 'om ingewy te word' nie. Die waardigwees volg teologies ná die 'inwyding in die dood van Christus'.
* In paragraaf 9.8 is die vertaling van ἐνθέσμως 'om *wettiglik*...te kan lewe' nie die juiste Afrikaans nie. Dit moet wees, 'volgens God se wet'. In dieselfde paragraaf asook in paragraaf 9.9 word die woord μετάνοια myns insiens ook ten onregte met 'bekering' vertaal in plaas van 'berou', wat juis die bekering voorafgaan.
* Aan die einde van paragraaf 9.9 word die tyd van ἁμαρτήσεται asook die daaropvolgende voorwaardesin nie korrek weergegee nie: Dit moet 'sal' wees en nie 'het' nie; die voorwaarde is bloot toekomstig 'sal neem/sal bestaan' en nie onwerklik 'sou' nie.
* In paragraaf 10.3 moet die vertaling lui, 'in die volle deug van godvrugtigheid', en nie 'in die volheid en deug van godvrugtigheid'.

* In paragraaf 10.14 is die frase 'ons broeders wat in swak gesondheid verkeer' te swak vir die Grieks, wat sterker oorkom met 'wat deur swak gesondheid beproef word'.
* In paragraaf 10.15 vloei die Afrikaans nie goed nie: '...hulle wat in myne, ballingskap, gevangenisse en vasgeketting is...' – eerder dan, 'en in kettings is' vir die slotgedeelte om aan te pas by die voorafgaande selfstandige naamwoorde.
* In paragraaf 11.5 is ὅτι eers verkeerd vertaal met 'sodat' in plaas van 'omdat' en in die laaste sin nie vertaal nie. Die behoud van beide as 'omdat' is belangrik: Dit vorm juis die basis vir die gebed dat die Here die helper ensovoorts kan wees.
* In paragraaf 11.10 moet die vertaling lui, 'en laat 'n *ander* diaken by hulle staan'.
* In paragraaf 12.4 moet al die participia aan die begin voor εἰπάτω as imperatiewe vertaal word, terwyl selfs εἰπάτω ten onregte as blote stelsin vertaal is; verder moet ook ἔστω as imperatief behou word ('mag') en nie bloot as 'sal' nie.

Met hierdie enkele opmerkinge oor die vertaling wil ek volstaan, behalwe om weer eens die outeur te loof vir 'n goeie leesbare vertaling.

Daar is reeds gewys op die uitgebreide en sinvolle kommentaar van die kant van die outeur. Wat betref die kommentaar, net enkele opmerkinge:

* In die kommentaar op paragraaf 6.12 word verkeerde grammatiese informasie oorgedra: εἰδέναι is nie aoristus infinitief van εἴδω nie (waarmee die outeur ὁράω moes verstaan), maar die perfektum infinitief van die perfektum οἶδα, wat die outeur juis direk hierna verkeerdelik aandui as 'aoristus'.
* By paragraaf 8.2 word die vorm φωτιζόμενοι verkeerdelik bepaal as 'passief partisipium futurum', in plaas van praesens.
* By paragraaf 8.5 word die uitdrukkinge λούσασθε, καθαροὶ γένεσθε aangedui as aanhaling uit Jesaja 1:16 ('Was julle, reinig julle') en die vertaling 'was julle' is presies wat λούσασθε is: mediumrefleksief en nie passief ('word afgewas') nie, soos in die vertaling.
* Indien aangeneem word dat die twee liedere wat in Ignatius se brief aan die Efesiërs voorkom, nie deur hom geskrywe is nie maar bestaande liedere is, dan is die gebruik van ἀπαθής (kommentaar by paragraaf 12, 33) reeds *voor* Ignatius (*Polyc* 3.2) vir die Goddelike Christus gebruik.

Dié term vir Christus kom voor in die lied in *Aan die Efesiërs* 7.2. Ook kan gemeld word dat dié term 'n uiters belangrike term geword het in die diskussie rondom die lyding van Christus, soos by verskeie patristiese en vroeg-Bisantynse outeurs blyk.

* Nie elkeen sal altyd saamstem met die bepaalde metode rondom die verklaring van bepaalde teologiese begrippe nie. Daar word in die algemeen te etimologies te werk gegaan met die omskrywing van sodanige begrippe, wat strydig is met woordsemantiek in die algemeen. Nogtans gee die outeur juis sulke waardevolle historiese inligting in hierdie verband aan die leser deur.

Hierdie boek kan met groot waardering aanbeveel word vir teologiese studente en teoloë in die algemeen. Ek persoonlik verwelkom die werk as 'n uiters goeie aanvulling by die studie van die vroeë kerk se himnografie en homiletiek – die twee ander basiese bestandele binne die liturgiese aktiwiteit van die kerk. Veral vir studente wat Grieks aan die Universiteit neem met die oog op teologie, sal dié boek uiters geskik wees as voorgeskrewe werk.

---

Vos, C & Müller, J (reds) 1989 – Geboorte en kindwees (Reeks: God, mens en wêreld)

Pretoria: Orion. 122 bladsye. Prys R25,00

Resensent: Prof M J du P Beukes

DOEL

Die skrywers wil aan die predikante hulp bied ten opsigte van prediking. Prediking is volgens hulle in 'n krisis. Hulle is die mening toegedaan dat die vrae van die dag nie beantwoord word nie: 'Dit waaroor koerante skryf en waaroor televisiedebatte gevoer word, vind nie werklik weerklank in die prediking nie' (Voorwoord). Hierdie publikasie wil prediking aktueel maak.

Die prediking is bedoel vir die mens van die dag. In 1992 moet daar gepreek word vir die mense van 1992. Die kerk wil met die prediking in die situasie van die dag inbeweeg. As gekyk word na die temas wat in die publikasie aangeraak word, moet erken word dat die skrywers in hulle doel geslaag het. Temas waaroor feitlik nooit gepreek word nie, word op die tafel geplaas en op 'n verhelderende wyse as preekstof toeganklik gemaak.

Die pad wat geboorte en kindwees loop, is egter 'n gevaarlike pad. Om 'n tema te neem en 'n teologies-eksegetiese preek te maak is nie son-

der meer 'n moontlikheid nie. Die gevaar van aktualisme is baie groot. In plaas van dat die teks in die situasie inspreek en die situasie met die data soos dit in die teks voorkom aanspreek, word die aanspreek bepaal deur die situasie wat vooraf gekies is. Hier word die teks nie meer onbevange uitgelê nie, maar geswaai om by 'n bepaalde boodskap uit te kom.

In die meeste gevalle het die skrywers tekste gekies wat hulle goed by hulle tema, sonder inlegkunde, uitgebring het. In enkele gevalle, soos byvoorbeeld 'Ongewenste kinders' (bl 86) deur Hennie Pieterse, moes die skrywer sy uitleg baie ver rek om by die gewensde aktualiteit uit te kom. Die skrywer sou die saak met temaprediking baie beter as teksprediking kon hanteer.

Enkele temas is hanteer sonder om gebruik te maak van 'n enkele of groep Bybeltekste. Die bespreking van hierdie temas is baie geslaagd. Die relevante gegewens word na vore gebring. Die teologiese perspektiewe word uitgelig en die nodige aktualiteit word bereik. Die vraag kan tereg gevra word: Is dit nodig dat die kerk altyd moet preek? Bestaan daar nie ook ander verkondigingsmedia wat gebruik kan word nie? Moet temas wat nie direk aan enkele Bybeltekste gekoppel kan word nie, nie eerder op 'n kategeties-toerustende wyse, hanteer word nie? Alle teologiese en ander relevante materiaal en nie net 'n enkele teks nie word dan benut.

## AANPAK

Die aanpak of werkwyse van die skrywers kan as teologies-wetenskaplik korrek beskryf word. Hoewel elke skrywer sy eie styl volg, is die breë aanpak van die publikasie deur elke skrywer ongeveer dieselfde.

Die teks is deurgans die vertrekpunt. 'n Deeglike eksegese word gedoen. Alle gegewens wat relevant sou wees vir 'n preek word na vore gebring en in die publikasie opgeneem.

Ná die eksegese volg die teologiese en homiletiese arbeid. Die teologiese vraagstukke wat relevant is, word bespreek en homileties deurgetrek om by die huidige konkrete situasie uit te kom. Dit is veral die hantering van die Ou Testament wat opvallend is. Sonder om te verval in fundamentalisme word die boodskap van die Ou Testament, waar nodig, op 'n baie verantwoorde wyse deurgetrek na die Nuwe Testament. Die boodskap van die Nuwe Testament word in hierdie gevalle gewoonlik ter sprake gebring en nie 'n enkele teksvers nie (sien in hierdie verband veral 'Verbond' – Cas Vos; 'Die waarde van broerskap' – Andries Breytenbach).

## DIE MEDEWERKERS

Die medewerkers bestaan uit teoloë en ander kundiges uit vakrigtings wat dien as hulpwetenskappe vir die teologie. Die teoloë wat saamgewerk het, is persone wat goed ingegrawe is in die eksegese en homiletiek as wetenskap en wat tegelyk ook 'n baie goeie kennis het van die opvoedkunde en die kind as sodanig. Die ander medewerkers is goeie vakkundiges, goeie kenners van die kind en so ver bekend gelowige lidmate van die kerk.

## DIE TEIKENGEHOOR

'Geboorte en kindwees' is in die eerste plek bedoel vir predikante en teologiese studente. Die inhoud, styl en relevansie van die temas is egter van so 'n aard dat die boek by elke ouer en opvoedkundige behoort uit te kom.

## VERSORGING VAN PUBLIKASIE

Taalkundig en tegnies is die publikasie goed versorg.

---

**Prinsloo, W S 1991 – Die Psalms leef: 'n Eksegetiese studie van Psalm 3, 15, 23, 112, 126, 131, 136, 148**

Halfway House: NG Kerkboekhandel. 136 bladsye. Prys: R27,50

**Resensent: Dr L C Bezuidenhout**

In hierdie boek word agt Psalms ontleed. Dit volg op 'n vorige publikasie, 'Van kateder tot kansel'. Die doel van die boek is om die Hebreeuse teks wetenskaplik te ontleed en te interpreteer. Dit is waarskynlik gerig op die predikant wat nog erns wil maak met die Hebreeuse teks, asook die akademikus wat belangstel in Psalms as literatuur.

Die bespreking van elke Psalm vorm 'n afgeslote eenheid. Die volgende struktuur word gevolg in die bespreking van elk van bogenoemde Psalms: Aan die begin word die Nuwe Afrikaanse Vertaling van 1983 van die betrokke Psalm gegee. (Aangesien elke leser buitendien die Nuwe Afrikaanse Vertaling tot sy beskikking het, moes die skrywer miskien gekies het om hierdie vertaling deur sy eie vertaling te vervang.) Ná die vertaling volg die teks in Hebreeus. Hier word die teks volgens poëtiese maatstawwe in versreëls verdeel. Die versreëls word onder mekaar geskryf. Verbande tussen versreëls word grafies aangedui. Die leser kry dus da-

delik 'n indruk van die struktuur van die Psalm. In die uiteensetting wat daarop volg, word die motivering vir en betekenis van hierdie groeperinge verduidelik. Dit is duidelik dat die skrywer 'n teksimmanente metode volg waarvolgens klem gelê word op 'n struktuuranalise.

Na algemene opmerkings oor die karakter van die Psalm, word aandag gegee aan tekskritiese probleme. Aangesien daar konserwatief met die teks omgegaan word en die finale teks as uitgangspunt geneem word, kom tekskritiese besprekings selde voor in die ontleding van die Psalm. Daar word egter aan die einde van die hoofstuk in slotnotas aandag gegee aan afwykende lesings en ander voorstelle.

Besondere aandag word gegee aan morfologiese, sintaktiese, stilistiese en semantiese aspekte. Die publikasie se groot waarde lê daarin dat dit die leser teruglei na die Hebreeuse teks en dat dit 'n sensitiwiteit kweek vir die vorm van die teks. Dit is duidelik dat die skrywer op die hoogte is met konvensies in die poëtiese tekste van die Hebreeuse Bybel. Deur middel van 'n deeglike 'close reading' word deur middel van struktuurmerkers deurgedring tot die betekenis.

In hierdie studie word uitgegaan van die veronderstelling dat elke Psalm in bepaalde segmente of strofes verdeel kan word. Alhoewel die strofiese indeling in die meeste gevalle geldig is, kan daar kritiek gelewer op die feit dat telkens gekies word vir 'n bepaalde vorm van segmentering. Daar is beslis patrone van herhalende ekwivalente elemente. Die skrywer is lief daarvoor om die tweede voorkoms van 'n element te sien as die tweede arm van 'n *inclusio*. Daar kan net sowel geargumenteer word dat die tweede voorkoms van 'n element dui op die aanvang van 'n verbandhoudende segment. 'n Voorbeeld hiervan is die segmentering van Psalm 126 (bl 71-82). Die skrywer verdeel die Psalm in twee segmente, naamlik verse 1-4 en 5-6. Die ekwivalensie tussen 1 en 4 word gesien as 'n *inclusio*. Tog kan dit ook verdeel word in die segmente 1-3 en 4-6 waar die ekwivalensie tussen 1 en 4 gesien word as aanduiding van die aanvang van verbandhoudende strofes. Die skrywer noem wel laasgenoemde moontlikheid en die redes wat daarvoor aangevoer kan word – tog sê hy dat bepaalde argumente 'geen ander keuse laat' as om die Psalm in 1-4 en 4-6 te verdeel nie.

In Hebreeuse poësie vind daar so 'n mate van semantiese 'overlapping' plaas, dat segmentering nie so rigied bepaal kan word nie. Dit sou miskien beter wees om in sommige gevalle patrone van ekwivalensie uit te wys, sonder om grense van strofes te probeer rekonstrueer.

Bogenoemde kritiek verminder nie die waardering vir die skrywer se vermoë om verbande aan te toon en verbande te interpreteer nie.

Die skrywer verwys na gesaghebbende sekondêre literatuur. Hy noem telkens verskillende standpunte en kies dan met goeie gronde 'n bepaalde standpunt. Hy is beslis op die hoogte van die ontwikkelinge op hierdie vakgebied. Alhoewel dit normaalweg beter is om 'n oorspronklike werk aan te haal eerder as 'n vertaling, kan die skrywer nie verkwalik word nie dat hy uit die vertaling 'The Psalms in Israel's worship' aanhaal, eerder as uit Mowinckel se oorspronklike Noorweegse weergawe 'Offersang og Sangoffer'.

Prinsloo skrywe met soveel entoesiasme dat die leser nie anders kan nie as om nuwe waardering te kry vir die waarde van die Psalms en veral vir die Hebreeuse weergawe daarvan. (In 'n publikasie soos hierdie is dit moontlik om entoesiasties te wees oor elke teks wat bespreek word – daar word juis sekere tekste geselekteer wat die skrywer persoonlik aanspreek.) Die werk getuig van oorspronklikheid en deeglikheid.

Hierdie publikasie kan sterk aanbeveel word vir enige akademikus wat wil erns maak met die oorspronklike vorm van die teks. Alhoewel daar in die publikasie 'n basiese kennis van Hebreeus by die leser verwag word, kan dit ook vir predikante wat in gemeentes werksaam is, sterk aanbeveel word. Dit ontsluit die skat van Psalms op 'n wetenskaplike, maar ook 'n duidelik verstaanbare wyse. Dit sal 'n predikant in staat stel en motiveer om aan die Psalmboek sy regmatige plek in die prediking te gee.

---

Burger, C W, Müller, B A & Smit, D J 1990 – Verdere riglyne vir adventsprediking (Woord teen die lig 1/7)

Kaapstad: Lux Verbi. 239 bladsye. Prys onbekend

Resensent: Dr L C Bezuidenhout

In die reeks 'Woord teen die lig' kom drie 'reekse' voor: In die eerste reeks verskyn publikasies wat handel oor aspekte van die kerklike jaar, asook temas wat sentraal in die Skrif is. In die tweede reeks word 'n Bybelboek of 'n versameling van Bybelboeke as tema geneem. In die derde reeks kom aktuele onderwerpe ter sprake.

Die publikasie wat hier bespreek word, pas in die eerste reeks. Dit sluit aan by die heel eerste publikasie in die reeks, naamlik 'Riglyne vir adventsprediking'. In die nuwe publikasie word die klem gelê op die implikasies van advent vir die konkrete,

sosiale werklikheid. Daar word steeds wetenskaplik eksegeties met die teks omgegaan, maar die betekenis van die gegewens vir vandag se omstandighede word eksplisiet bespreek. Eksegese en etiek word bymekaar gebring op 'n verantwoordelike wyse. In hierdie opsig is dit 'n nuwe en verfrissende inslag.

Die bydraes is verdeel in vier siklusse (met ses bydraes elk), naamlik:

* Perikope uit die Psalms;
* Perikope uit Jesaja;
* Perikope uit Matteus en Markus;
* Perikope uit die sendbriewe en Openbaring.

Afgesien van die drie persone wat reeds genoem is as lede van die redaksie, het die volgende persone ook bydraes gelewer: A B van der Merwe, H R Botman, P J J S Els, J H Cilliers, P J Robinson, M A V van der Merwe, J van Schalkwyk, H L Fouché, H J B Combrink, B C Lategan, J G Botha, G J Retief en S W van Wyk.

In 'n inleidende hoofstuk gee B A Müller 'n samevattende oorsig oor die implikasies van advent soos dit na vore kom uit die inhoud van die boek. Hierdie hoofstuk is in sy eie reg 'n waardevolle instrument om die prediker te oriënteer en te lei tot dieper insig in die betekenis van advent.

Die tekste wat in die bundel gebruik is, is geselekteer uit die ekumeniese *Common lectionary for the Christian year*. Elke hoofstuk vertoon die volgende struktuur:

* Bibliografie: 'n Paar boeke word telkens aanbeveel. Die bibliografie is nie voldoende vir sinvolle akademiese navorsing nie, aangesien daar nie rekening gehou word met resente tydskrifartikels nie. Dit is egter nie die doel van die publikasie nie – eerder wil dit die prediker in staat stel om algemeen bekombare boeke te benut.
* Eksegeties: Die skrywer gee telkens 'n samevatting van verskillende eksegetiese resultate. Hierdie deel van die uiteensetting spaar die prediker baie tyd. Sonder ure se naslaanwerk kan hy in 'n paar minute insig kry in die eksegetiese moontlikhede wat die teks bied. Dit is tog jammer dat skrywers nie 'n wetenskaplike transkripsiesisteem navolg nie. Daar word byvoorbeeld nie voldoende onderskei tussen die verskillende Hebreeuse sis-klanke nie.
* Hermeneuties: Op 'n verantwoordelike wyse word geworstel met die vraag hoe die teks betekenis gegee moet word binne die konkrete situasie. 'n Mens moet waardering hê vir die feit dat die skrywers nie kategories kies vir een bepaalde model nie. 'n Vrees wat dikwels by 'n mens op-

kom wanneer tekste uit die Ou Testament benut word in adventsprediking, is dat die eie aard van die teks geweld aangedoen word in 'n poging om 'n Christologiese interpretasie daaraan te koppel. In hierdie publikasie is dit nie die geval nie. Alhoewel verbande met die Christelike evangelie uitgewys word, word daar steeds wetenskaplik en verantwoordelik met die teks omgegaan.

- Homileties: In die meeste gevalle word meer as een invalshoeke tot die prediking gegee. Die predikant wat hoop om 'n afgeronde preek in die publikasie te vind, sal teleurgesteld wees. Die waarde van die publikasie lê egter daarin dat dit die prediker se denke stimuleer, dat dit nie voorskriftelik is nie, maar tog gesaghebbend die bakens aantoon waarbinne die uitleg en prediking kan funksioneer.

Alhoewel daar 'n vaste patroon is in die aanbieding, is dit opmerklik dat die verskillende skrywers tog van mekaar verskil ten opsigte van benadering. Een skrywer sal byvoorbeeld meer waarde heg aan die struktuur van die teks as 'n ander. Daar is egter nie van 'swak bydraes' sprake nie.

Daar moet waardering wees vir die feit dat die publikasie verwys na tradisionele standpunte en wetenskaplike bevindinge, maar ook gebruik maak van populêre publikasies en a-wetenskaplike toepassingsmoontlikhede. Die stof is inspirerend. Dit word in 'n gemaklike skryftrant aangebied wat dit 'n plesier maak om te lees.

In 'n tyd waarin prediking neig om te vervlak, waarin die predikant nie geleentheid het om op die hoogte te bly met wetenskaplike ontwikkelinge rondom eksegese nie, waarin 'n predikant nie genoeg tyd het om die teks en sekondêre literatuur voldoende te bestudeer nie, is 'n boek soos hierdie noodsaaklik. Dit verskaf aan die predikant genoeg inligting, maar stel hom/haar in staat om met hierdie toerusting preke te maak wat tog 'n eie stempel dra. Dit behoort by te dra tot groter diepte in die prediking.

---

Faith and Order paper 151, 1990 – Church and world

Genève: Wêreldraad van Kerke. 91 bladsye. Prys US $8,50.

Resensent: Ds M A Botma

Hierdie dokument is die resultaat van die kommissie van *Faith and Order* van die Wêreldraad van Kerke se studie oor die *eenheid van die Kerk* en die *vernuwing van die gemeenskap.*

Die boekie is die resultaat van verskeie persone, van verskillende afkoms en vanuit verskillende teologiese agtergronde.

Dit bevat die volgende inhoud:

* Hoofstuk 1: Introduction: The vision and process of the study on unity and renewal.
* Hoofstuk 2: Unity and renewal in the light of the Kingdom.
* Hoofstuk 3: Kingdom – Church – Humanity.
* Hoofstuk 4: Unity and renewal and the search for justice.
* Hoofstuk 5: Unity and renewal and the community of women and men.
* Hoofstuk 6: Discipleship and community.
* Hoofstuk 7: Unity and renewal: Eschatological promise.
* Appendiks 1: Texts and materials related to the study document.
* Appendiks 2: The unity and renewal: Consulations/Steering group meetings.
* Appendiks 3: The unity and renewal steering group and staff.
* Appendiks 4: Overview of the study process.

In die boekie word sowel positiewe as aanvegbare gedagtes gevind. Soms word stellings gemaak waarmee heelhartig saamgestem kan word, maar om net weer teleurgestel te word op die wyse waarop hierdie gedagtes uiteindelik neerslag vind. In die kort bespreking sal dit duidelik word wat hiermee bedoel word.

Ten grondslag van die dokument lê die gedagte dat die kerk ook die taak het om die sosiale lewe te verander of te vernuwe (bl 3).

Die feit van die diversiteit van kerk, teologieë, mense, tradisies en tale word weer eens erken (bl 2, 36, 44, 45), maar daar word uiteindelik nie werklik erns daarmee gemaak nie. Ondanks die feit van diversiteit moet daar volgens die skrywers steeds gepoog word om tot 'n sigbare eenheid te kom. Dit het tog geen sin om diversiteit te erken en nie daarmee erns te maak nie. Die vraag wat gevra moet word, is waarin die eenheid ten spyte van die diversiteit gevind kan word. Hierdie eenheid sal nie 'n sigbare eenheid wees nie, maar eerder 'n eenheid in geloof (waar daar ook maar weer diversiteit sal wees).

Bogenoemde twee aspekte, naamlik die soeke na sigbare eenheid en die vernuwing van die gemeenskap, word as twee kante van dieselfde saak gesien en kan nie van mekaar geskei word nie (bl 39, 40).

Dit is so dat die kerk die taak tot verandering en vernuwing het. Die kritiese vraag is natuurlik waar die klem geplaas word. Soos te wagte kan wees, wil dit soms voorkom asof die klem hier op die onderdrukte geplaas word en dan in 'n politiese sin. Dit hang nou saam met 'n bepaalde

politieke siening wat deurgaans in hierdie dokumente waargeneem kan word. Dit kan byvoorbeeld gesien word in die feit dat die soeke na 'more just structures' 'n hoë prioriteit geniet. In die volgende gedeelte kom dit ook duidelik na vore: 'Those who are set right by God are impelled to serve their neighbours; one way of such service is the endeavour to secure the neighbour's rights and to establish a basis for the fair distribution of all goods and privileges, with respect for the freedom, dignity and integrity of all persons....' Wat presies hierdie 'regte' is, word nie verduidelik nie. Indien die verskillende skrywers dieselfde daaronder verstaan, word hiermee waarskynlik menseregte bedoel (bl 54). Dit is natuurlik 'n vraag of die gedagte van menseregte wel teologies regverdigbaar is.

Verder word hierdie stelling nog meer duidelik as apartheid as 'n 'doctrine' veroordeel word, omdat dit mense hulle volle menswees ontneem – dit terwyl dieselfde boek dit beklemtoon dat konteks van konteks verskil en die een patroon nie op die volgende afgedruk kan word nie.

Die taak van die kerk is om daar te wees vir ander, of anders gestel, om dienskneg vir ander te wees. Dit is 'n raak beskrywing van die taak van die kerk: Die kerk is daar om te dien. Hierdie diens bestaan uit die verkondiging van die Woord en die lewe van 'n liefde teenoor ander. Hoe presies hierdie taak gestalte sal kry sal weer eens afhang van die interpretasie van die samelewing en wat hierdie liefde werklik is.

Daar word in die boekie 'n goeie omskrywing van vrede gegee: 'It is not merely an absence of conflict, but a state of well-being and harmony in which all relationships are rightly ordered between God, humankind and creation.' Nie net die verhouding tussen God en mens word hier genoem nie, maar ook die verhouding met die skepping kom na vore – iets wat tans nie agterweë gelaat kan word nie. Dit is die gelowige se taak om iets van hierdie vrede tot stand te laat kom.

Die belangrike insig dat alles nie vir die Christen 'n pad van rose is nie, maar dat die geloofspad dié van lyding kan wees, kom in die boekie na vore. 'Jesus' word and deeds show that the path to joy leads through suffering and the cross' (bl 76).

Die kerk as 'mystery' word na my mening nie duidelik genoeg verduidelik nie en daar bestaan ook die twyfel of die verstaan van die kerk as 'mystery' wel korrek is (bl 25vv).

'n Positiewe aspek is die stemme wat opgaan vir die waardering van die vrou in die amp.

Die toekoms is in die hand van God – nie in die hand van die mens nie. Ons hoop lê dus by God en nie by mense nie.

Die boek is deeglik en netjies gebind en lees maklik.

---

**Thorogood, B 1991 – One wind, many flames: Church unity and the diversity of the churches**

Genève: Wêreldraad van Kerke. 71 bladsye. US $ 6,95

**Resensent: Ds M A Botma**

Bernard Thorogood was voorheen algemene sekretaris van die *Coucil for World Mission* in London. Hy is tans algemene sekretaris van die *United Reformed Church* in Londen. Hy het noue bande met die Wêreldraad van Kerke.

Die boek is netjies en deeglik gebind. Dit is gerig op die algemene leser, wat blyk uit die feit dat 'n bibliografie nie daarin voorkom nie.

Die boek het die volgende inhoud:

* A view from the pews.
* The eyes of faith.
* The unitary state.
* The protestant explosion.
* Dispersion.
* Pluriformity.
* The growing edge.
* One body.
* Diversities, divisions and unities.
* Shapes of unity.
* Towards the city.

Die skrywer probeer om werklik erns te maak met die oproep tot eenheid wat in die Skrif aangetref word, sowel as met die realiteit van diversiteit.

Die boek skets kortliks hoe die evangelies Jesus nie eenders teken nie. Daar bestaan nie net verskille in beklemtoning nie, maar ook in interpretasie. Die Jesus van Matteus is nie dieselfde as die Jesus van byvoorbeeld Markus nie. Ook die res van die Skrif toon 'n ryke diversiteit ten opsigte van Jesus.

Net so min as wat daar net één Jesus in die Skrif aan te tref is, net so min bestaan daar één siening van die kerk. In die eerste plek was daar nie eenheid ten opsigte van leer nie, maar ook nie ten opsigte van die vorme van kerkwees nie. Die skrywer meld dat 'the Christian church was one, but one in a variety of forms' (bl 7).

Ten spyte van die ryke verskeidenheid was daar tog eenheid. Waarin sou die eenheid geleë wees? Volgens die skrywer sou die eenheid geleë wees in die volgende sake:

* Die geloof in Jesus as die gekruisigde en opgestane.
* Die inwoning van die Heilige Gees in die harte van die gelowiges.

* Die gemeenskap van die gelowiges.
* Die verwagting van 'n nabye wederkoms.
* Die belewing van die doop as die toetrede tot 'n nuwe gemeenskap.
* Die belewenis en opvatting dat die nuwe lewe 'n totaal anderse lewe was.

Die skrywer toon vervolgens aan hoe daar deur die geskiedenis nooit van 'n eenheid sprake was nie. Hy sien pluraliteit nie bloot as 'n gegewene nie, maar ook as 'n noodsaaklike. Daar moet dus erns gemaak word met hiermee. Aan die ander kant moet daar ook erns gemaak word met die oproep tot eenheid, meer spesifiek tot sigbare eenheid (bl 37, 39). Eenheid en diversiteit moet altwee gehandhaaf word. Vervolgens poog die skrywer om ten opsigte van die erediens, die verstaan van tekste, die kerk se bediening en die kerkregering hierdie saak uit te werk. Dit is 'n eerlike en ernstige poging, maar hy slaag nie daarin nie. Die rede waarom hy na my mening nie slaag nie, is omdat hy nie by die feit kan verby kom dat daar wel 'n diversiteit bestaan nie. Hoe kan daar na eenheid gesoek word ten spyte van diversiteit? Eenheid lê hoogstens in die feit dat daar een Bybel is wat getuig oor een Here, maar hierdie Here word nie altyd dieselfde geteken nie.

Die boek kan aanbeveel word veral vir dié wat erns maak met die saak van diversiteit. Dit is egter jammer dat die skrywer nie met meer aandag die verskeidenheid kon uitwerk nie.

---

Van der Waal, G-M & Hagg, G 1990 – Venster op die stad. A window on township art

Potchefstroom: Instituut vir Reformatoriese Studie. 31 bladsye. Prys onbekend

Resensent: Ds J M Delport

VENSTER OP DIE STAD

Dit is die oogmerk van die publikasie om skerp na die omgewing in die stad te kyk. Die gebruik van die woord 'venster' verwys dan ook na die wyse waarop gekyk word.

Visies van die stad is volgens die skrywers nooit objektiewe abstraksies nie. Die beelde van die stad word bepaal deur mense – met verskillende persoonlikhede en kulturele agtergronde. Alhoewel almal dieselfde stad sien, veroorsaak die genoemde faktore dat mense dieselfde gegewe verskillend sien. Daar kan dus nie van 'n enkele en 'n homogene beeld van die stad gepraat word nie.

Wanneer die bespreking wegbeweeg van die betragters na dié wat betrag word, word genoem dat iemand wat na 'n stad kyk, ook by implikasie die mense wat die stad tot stand gebring het, bekyk. 'n Aantal eienskappe van die Blanke wat die meerderheid van die stedelike gebiede in Suid-Afrika tot stand gebring het, word deur die skrywers vanuit hulle eie verwysingsraam weergegee.

'n Belangrike saak wat gemeld word, is dat die Blanke die vak Kunsgeskiedenis vir homself gereserveer het. In die lig van hierdie opmerking word daar tot die konklusie gekom dat 'n relevante Kunsgeskiedenis in Suid-Afrika wat ook eties regverdig is, sy werkterrein inklusief sal moet sien ten opsigte van die bestaanswerklikheid van die totale bevolking in die land.

Hoewel 'Venster op die stad' soms 'n baie eensydige interpretasie is van die skywers se waarneming van die stad, bied die publikasie tog genoeg stimulus vir 'n debat oor die kunshistoriese studies oor die stad.

**A WINDOW ON TOWNSHIP ART**

In hierdie bydrae stel die skrywers dit duidelik dat hulle moeilik vanuit hulle eie relatief gemaklike omgewing insigte kan weergee van die swart woonbuurt, omdat hulle nie ten volle die lewe in 'n swart woonbuurt ervaar het nie.

Een van die doelwitte van die publikasie is om die oë van ander Suid-Afrikaners vir die 'township people' te open en om vir Christene te wys op hulle plig om dié probleme op 'n Bybels-verantwoordelike wyse aan te spreek.

In die publikasie word 'n aantal van die probleemareas genoem en word ook daarop gewys hoe die kunste 'n positiewe bydrae tot die opheffing van die gemeenskap kan lewer.

Dit word in die publikasie gemeld dat dit een van die hoofdoelwitte is om hierdeur mense aan te moedig om deel te neem aan hierdie gesprek. In hierdie opsig is die publikasie nuttige leesstof, want nie net word daar gefokus op die probleme in die swartwoonbuurte nie, maar ook moontlike oplossings vir diskussie word op die tafel geplaas.

---

Grey, J 1990 – Predikant-wees vandag: Praktiese voorstelle vir spesialisering en privatisering deur predikante van die Nederduitse Gereformeerde Kerk

Stellenbosch: Elize Grey Boeke. 388 bladsye. Prys onbekend

Resensent: Prof T F J Dreyer

Hierdie publikasie is 'n vereenvoudigde weergawe van 'n doktorale proef-

skrif wat die kandidaat, onder promotorskap van prof W J M Janson, by die Universiteit van Suid-Afrika ingedien het.

Die outeur poog om met behulp van die metodologiese model van Zerfass, 'n prakties-teologiese studie te onderneem waarbinne die teologiese teorie en die praxis interafhanklik met mekaar in wisselwerking gestel word om sodoende tot 'n nuwe praxisteorie te kom. Die navorsingshipoteses wat hy vir die studieprojek postuleer, is kortliks die volgende:

* Die taakverdeling van werkkragte in die kerk is as gevolg van bestaande bedieningstrukture nie funksioneel nie.
* Daar is 'n onderbenutting van beskikbare lidmate.
* Die kerk reik nie effektief genoeg uit na diegene 'buite' die kerk nie.
* Rigiede geografiese gemeentegrense striem die bedieningspotensiaal van die kerk.
* Die huidige beroepstelsel beantwoord nie meer aan die vereistes van die hedendaagse samelewing nie.

Om sy gestelde hipotese te bewys, ondersoek hy eerstens die bestaande teologiese teorieë. Empiriese gegewens wat via vraelyste gegenereer is, word gereflekteer as bevestiging van die gestelde hipoteses. 'n Oorsig vanuit die vakliteratuur van gemeentebou word aangebied as moontlike oplossings vir die gestelde probleme. Die resultate van sy ondersoek lei hom uiteindelik daartoe om te konkludeer dat die gestelde hipoteses korrek bewys is. 'n Nuwe praxisteorie word dan ten slotte ontwerp om die aangeduide leemtes in die kerklike bedieningstrukture die hoof te bied.

In sy nuwe praxisteorie bepleit die outeur dat ruimte geskep moet word vir die spesialisering van predikante. Hierdie spesialisering op grond van die verskeidenheid van gawes kan op verskillende manier in 'n bedieningstruktuur geakkommodeer word. Binne 'n makrogemeente waar daar 'n hele aantal predikantstandplase is, kan predikante op grond van hulle gawes spesialiseer. Spesialisasie kan ook 'oorgemeentelik' plaasvind waar predikante oor gemeentegrense heen bepaalde spesialisdienste verrig. Hy bepleit ook veral spesialisasie deur privatisering of gedeeltelike privatisering. Met die gemeente as basis kan die predikant ook buite die gemeente deur ander instellings of organisasies sekere dienste verrig. As teologiese begronding vir hierdie siening stel hy dat daar deur die geskiedenis van die kerk duidelike tekens is van sogenaamde 'sodaliteite' naas die kerk as 'modaliteit'. Binne hierdie raamwerk bepleit hy dan ook die 'tentmakerbediening' as 'n moontlikheid om

hierdie privatisering van dienste deur predikante te laat realiseer.

Om hierdie nuwe bedieningstruktuur te laat funksioneer, is dit egter noodsaaklik om die teologiese opleiding daarby aan te pas. Die teologiese kurrikulum moet daarom ook voorsiening maak vir spesialisopleiding. Die praktiese vaardigheid moet in 'n opleidingsmodel voldoende aandag geniet.

Om sy bedieningstruktuur te akkomodeer, stel hy voor dat gemeentegrense gehandhaaf moet word as afgebakende gebiede waarvoor die plaaslike gemeente verantwoordelik is; daarnaas moet geografiese grense perforeer om almal wat by die gemeente wil aansluit te kan opvang.

Laastens stel die outeur 'n nuwe beroepstelsel voor wat daarvoor voorsiening moet maak dat predikante, op grond van hulle besondere gawes en spesialiteitsrigting, beroep kan word in die lig van die spesifieke behoefte van 'n bepaalde gemeente.

Die outeur slaag daarin om die leser te prikkel tot nuwe nadenke oor kerklike bedieningstrukture. Van sy voorstelle kan ook tot groot nut vir die kerk in die huidige samelewingstruktuur toegepas word. Daar skemer egter 'n gebrek aan deeglike teologiese begronding van sy praxisteorieë deur. Dit is waarskynlik te wyte aan die feit dat hy die metodologiese model van Zerfass klakkeloos oorneem. Die model het die inherente potensiaal om die teologiese kwaliteit van die vak aan te tas indien dit sonder voorbehoud toegepas word. Hy kies op bladsy 17-19 vir die basisteorie van Firet. Hy hanteer egter die basisteorie nie krities nie, maar neem dit sonder verdere substansiëring oor. In die basisteorie word die plek van die Skrif as kenbron in die teorie-praxisverhouding nie verdiskonteer nie. Op bladsy 33 stel hy aan die hand van die metodologiese model van Zerfass dat navorsingsresultate van die situasie-analise nie sonder meer as oplossing vir die krisis in die praxisveld van die Praktiese Teologie kan dien nie, 'want Praktiese Teologie is teologie!' Die resultate moet dus gekonfronteer word met die teologiese oorlewering. In sy verdere aanbieding van sy studieresultate word dit egter heel gou duidelik dat hy eintlik slegs steun op die teologiese oorlewering in die geskiedenis van die kerk, maar dat die perspektiewe van die Skrif feitlik nie ter sprake kom nie. As hy byvoorbeeld handel oor die vraag van modaliteit en sodaliteit, word Paulus se sendingreise as tipiese voorbeeld van sodaliteit hanteer. Hy baseer sy siening op 'n werk van Latourette wat in 1948 gedateer is. Resente studies vanuit die Bybelwetenskappe wat die saak belig, word nie in berekening gebring nie. Omdat daar 'n gebrekkige Skriftuurlike perspektief oor die saak as vertrekpunt geld, kan hy gemaklik op bladsy

115 die Reformasie en die Protestantse tradisie veroordeel, omdat hulle die sintese wat tussen die sodaliteit en die modaliteit by die Rooms-Katolieke Kerk bestaan het, tot 'n groot mate verloor het. Dit baan die weg vir die inkorporering van privatisering in die bedieningstruktuur van die kerk. Alhoewel hy saam met Zerfass (bl 327) dit stel dat hierdie praxis getoets moet word aan die teologiese oorlewering, blyk die leemte van die metodologiese model juis daarin dat die teorieë nooit werklik aan die toets van die Skrif onderwerp word nie.

Dieselfde leente kom na vore in sy bespreking van die amp. Hy stel op bladsy 135: 'Daar word in hierdie studieprojek van die premisse uitgegaan om eerder die dinamiese of funksionele ekwivalente van die Nuwe-Testamentiese bediening na te speur, wat die amp van die gelowige aanbetref, eerder as om op fundamentalistiese wyse die Skrif te deursoek vir voorskrifte oor die amp van die gelowige.' Sy uitspraak is korrek, maar hy gee geen blyke van deurdagte Bybelse perspektiewe oor die wese en aard van die *diakonia* in die Nuwe Testament nie.

Nieteenstaande hierdie leemtes, is die werk van groot nut vir elkeen wat worstel met die uitdagings waarvoor die kerk in die wêreld van vandag te staan gekom het.

---

**Dormeyer, D & Hauser, L 1990 – Weltuntergang und Gottesherrschaft**

Mainz: Matthias Grünewald Verlag. 156 bladsye. Prys DM 12.80

Resensent: Prof J A du Rand

Gewoonlik is dit inspannend om betekenisvolle teologie te absorbeer. In die geval van bogenoemde werk kom dit egter spontaan deur net aan te hou lees. Op 'n boeiende wyse slaag Dormeyer en Hauser daarin om die onderwerp 'apokaliptiek' populêr oop te breek en aktueel toe te pas. Vanuit grondige navorsing word eksegetiese materiaal bevatlik aangebied om 'n wyer groep lesers te bereik.

In verstaanbare en maklik leesbare Duits behandel Dormeyer (eksegeet) en Hauser (godsdienspedagoog) van Münster om die beurt in sewe kort afdelings die aktualiteit van die apokaliptiek. Die doel van die publikasie is om te bepaal of die Joodse en Christelike apokaliptiek aan die mens van die twintigste eeu sinvolle antwoorde kan gee en of dit eerder angsversterkend is. Die aanleding tot dié geskrif is die katastrofiese kernramp van Tsernobil wat mense weer laat soek het na 'n betekenisvolle verstaan van die sin van die lewe. Dormeyer en Hauser slaag wel daarin om aan te toon dat apokaliptiek nie net te doen het met *Weltuntergang* nie, maar ook

met hoop op grond van die *Gottesherrschaft*.

In hoofstuk 1 val die fokus op die aktualiteit van die apokaliptiek wat aan die hand van agt stellings bespreek word. Die oorlogsretoriek van Hitler in sy *Mein Kampf* kom selfs onder skoot in vergelyking met 'n gebalanseerde standpuntname oor die wêreldeinde. Daarop volg 'n kernagtige bespreking van die antieke apokaliptiese denke van Israel en die tussentestamentêre periode, asook oor Jesus as apokaliptiese wysheidsleraar en profeet (hfst 3). Dormeyer beklemtoon dat Jesus in sy apokaliptiese raamwerk juis die manifestasie is van die Godsheerskappy om die wêreldeindeangs te besweer. Jesus word die nuwe apokaliptiek. Hierdie twintig bladsye maak 'n drang by die leser wakker om te preek. Hoofstuk 4 vertel van die apokaliptiese denke van die vroeë kerk (spesifiek soos vervat in Mark 13), maar steek, wat lengte en inhoud betref, af by die res van die boek. In hoofstuk 5 verwyl Dormeyer by die Openbaring aan Johannes en vind die Godsheerskappy in die rol van die Lam. Dit is duidelik dat hy eerlik worstel om Openbaring te probeer verstaan.

Die laaste twee hoofstukke deur Hauser is werklik aangrypend. Hy trek lyne deur na die apokaliptiese belewenis van die moderne mens. Ongelukkig het hy nie by die *Cargo Cults* van Melanesië uitgekom nie. Die verhouding tussen angs en geloof met betrekking tot die verwagting van die wêreldeinde word goed verdiskonteer en toegepas. Hoofstuk 7 konsentreer op apokaliptiek as lewenswysheid en metamitologie. Dié gedeelte oor die apokaliptiese aanknoping by die New Age-beweging is besonder prikkelend, alhoewel kort (7 bladsye).

Die literatuurlys van ongeveer 205 bronne is akademies verantwoord en op datum, veral met betrekking tot die Duitse literatuur.

Saamgevat: Hierdie boek bied 'n leeservaring wat 'n mens se gees verryk, alhoewel dit waarskynlik nie as 'n vakkundige bron in 'n verhandeling aangehaal sou kon word nie.

---

Du Toit, A B (red) 1990 – Die Johannesevangelie; Hebreërs tot Openbaring: Inleiding en teologie

Pretoria: NG Kerkboekhandel. 314 bladsye. Prys R49,95

Resensent: Prof E Engelbrecht

In sewe hoofstukke behandel hierdie werk die Bybelboeke wat hier bo genoem is. Die literatuurlys na elke afdeling is voldoende. In die werk word ook deeglik kennis geneem van 'n groot getal faktydskrifte. Suid-

Afrikaanse outeurs ontvang voldoende aandag.

Die boek is as handboek vir veral tersiêre studente geskryf. Die vlakke van gevorderdheid wat hierdie boek kan benut, loop van eerstejaarsvlak tot by die magistervlak. Omdat die boek as handboek aangebied word, ly die motivering van standpunte skade. Nogtans kan die boek ook deur predikante benut word wanneer preke gemaak word. Ook leiers van Bybelstudiegroepe kan hierdie werk met 'n mate van vrug benut. Die outeurs skryf formmeel op 'n vlak wat deur die teikengroep van benutters aanvaar sal word.

Die bespreking van die Johannese prediking (toelogie) sou vollediger gewees het as daar ook aandag gegee is aan die gesant-Christologie van die Johannesevangelie. Wat die agtergrondsketsing van die betrokke briewe betref, sou 'n bespreking van die post-apostoliese tydvak die student se begrip van dié briewe kon verdiep. Die materiële omvang van die bespreking van die prediking van die Openbaringboek kon relatief groter gewees het.

As handleiding by die studie van die Nuwe Testament is hierdie boek uiters geslaagd. Predikante wat oor die algemeen deesdae kla oor die gebrek aan tyd, behoort hierdie werk te gebruik. Hierdie werk is as sulks voldoende om die leser 'n werkskennis van die inleidings- en teologiese vraagstukke van die betrokke Bybelboeke by te bring. Dit is ook 'n betroubare handleiding vir verdere en selfstandige studie van die Nuwe Testament oor die betrokke vraagstukke.

---

**Vos, C & Müller, J (reds) 1990 – God in ons lyding (Reeks: God, mens en wêreld)**

Pretoria: Orion. 181 bladsye. Prys onbekend

**Resensent: Prof J J Engelbrecht**

Negentien medewerkers (teoloë uit meer as een kerk en vakmanne uit ander dissiplines) het hulle kragte saamgegooi om 'n merkwaardige boek die lig te laat sien. Ek het dit lanklaas so geniet om 'n boek wat vir resensiedoeleindes aan my voorgelê is, deur te lees.

Die teologiese bydraes is voorsien van goeie literatuurlyste.

In die *Verantwoording* voor in die boek stel die redakteurs dat hierdie boek 'alle lesers [wil] laat nadink oor die raaisel van die lewe; oor die lief en leed wat lyding vir mense en om mense bring. Die boek wil ook predikers help om sinvol oor dié werklikheid te praat en te preek. Om dit te kan doen, het die prediker nie net teologiese nie, maar ook ander werk-

likheidsperspektiewe op lyding nodig. Dié perspektiewe kan in verskillende opstelle duidelik gesien word. Al word lyding vanuit verskillende temas belig, bly die een groot tema dwarsdeur die boek die teenwoordigheid van God in ons lyding. Dit is juis sy aanwesigheid wat ons bestaan "tussen eina en amen" die moeite werd maak'.

Voordat die hoofdeel van die boek, naamlik *Preekontwerpe*, bereik word, is daar 'n deel getitel *Perspektiewe op lyding*. Insiggewende en goed geskrewe bydraes van verskillende vakmanne volg dan oor 'n teologiese, 'n mediese, 'n psigologiese en 'n maatskaplike perspektief op lyding, gevolg deur 'n bydrae getitel *My kind sterf*.

Die preekontwerpe word verdeel in agt temapreke en sewe troospreke, terwyl wenke oor 'n hele aantal ander preekmoontlikhede ook verskaf word. Dit is beslis nie 'n preekbundel nie: Die betrokke perikope word geëksegetiseer, die aandag word op teologiese en etiese vrae gevestig, wenke oor die liturgie word gegee ensovoorts. Wie die preekontwerpe sonder meer gaan probeer preek, sal waarskynlik die gemeente redelik vinnig die kerk uit preek. Wie egter saam met die skrywers ernstig met die stof worstel, sal sekerlik baie baat daarby vind en vir hulle gemeentes iets sinvols te sê hê oor God in die mens se lyding.

In hierdie boek word die leser nie verveel of mislei met die skynbaar populêre oppervlakkige voorspoedgeloof nie, waarvolgens 'n mens maar net reg gedoop moet wees en regtig in die Here Jesus glo, dan sal hy lewenslank gesond bly, sy beursie sal altyd vol wees en teenspoed sal ver van hom af wees.

Meer as een outeur vestig die aandag daarop dat volgens die Bybel, God self ook ly en dat dit troosryke implikasies vir die lydende Christen inhou. Temas soos *As God goed is, hoe kan Hy dan sulke slegte dinge laat gebeur?* (bl 113), *duiweluitdrywing* (bl 11), *sosiale lyding* (bl 103-104), *kritiek teen bevrydingsteologie* (bl 105), *'n sosiologiese verklaring vir die lyding van die Christene in 1 Petrus* (bl 88-89), *die skynheiligheid van alle allegoriese uitleg* (bl 99), *lyding as gevolg van die toorn van God* (bl 114), *die skeiding van liggaam en siel ná die dood, selfmoord* (bl 136vv) ensovoorts kom ter sprake.

Verskillende outeurs maak suksesvol gebruik van aanhalings uit gedigte. Predikante kan gerus meer poësie lees en dit vir die prediking benut. Dit kan meermale die trefkrag van 'n preek vergroot.

Met die liturgiese riglyne wat verskaf word, is daar nie probleme nie, maar vir iemand met 'n ander kerklik-teologiese agtergrond is die wenke wat in enkele gevalle gegee word oor gepaste storietjies wat vertel kan

word, vreemd (vgl bv bl 116, 121-122, 124-125, 177-178).

Die bydrae wat deur die meeste lesers waarskynlik as die vreemdste en in 'n sekere sin die skokkendste in die bundel beleef sal word, is waarskynlik dié van J A Loader. Dit sluit egter nie uit dat die leser verrassende en noodsaaklike perspektiewe kry op allerlei aktuele kwessies soos 'die mens en die ekosisteem', die 'teologiese randeiers' in die kerk en nog baie ander nie.

Lees hierdie preekontwerp en ook die res van die boek, dink daaroor na en word geestelik verryk!

---

**Fowler, S 1991 – National identity and the renewal of democracy**

Potchefstroom: Instituut vir Reformatoriese Studie. 82 bladsye. Prys onbekend

**Resensent: Prof A König**

Dit is 'n besonder insiggewende en aktuele pamflet juis in hierdie tyd van 'n poging om 'n nuwe grondwet en politieke bestel vir Suid-Afrika te onderhandel (Codesa). Fowler is al vir meer as 'n dekade via die Potchefstroomse Universiteit betrokke by Suid-Afrika en die Instituut vir Reformatoriese Studies het reeds 'n hele aantal van sy geskrifte gepubliseer.

Die doel van die uitgebreide pamflet is om die konsep van demokrasie fundamenteel te heroorweeg (bl 6, 9, 38, 70). Hy behandel die geskiedenis van die denke oor die demokrasie (17e en 18e eeu) en die probleme waarin die Westerse demokrasieë in hierdie eeu beland het. Hy is oortuig dat die gedagte van demokrasie eers 'n ideologie en toe 'n mite geword het (bl 30) en dat daar vandag in die meeste demokrasieë net 'n paar simbole oorgebly het (soos stemreg en periodieke verkiesings), terwyl daar byna geen sprake is van volksoewereiniteit nie.

Daar is volgens hom 'n paar uitstaande probleme in huidige demokrasieë. Een daarvan is dat die hele samelewing gepolitiseer is en die regering ('staat') vir alles verantwoordelikheid aanvaar. Dit beteken dat die mag eintlik nie by die volk (nasie) lê nie, maar by georganiseerde private belangegroepe (bl 44). Verder meen hy dat die gedagte van 'n eennasie-staat nie meer die behoeftes van die moderne meer-nasie-state kan vervul nie en dat een van die sleutelvraagstukke die onderdrukking van minderhede (kleiner nasies) deur die groot (of groter) nasie in hierdie state is. Hy bepleit 'n nuwe vorm van demokrasie waarin die nasies gelyke bondgenote in die omvattende politieke nasie is, maar soewerein en ge-

lyk is in hulle eie 'nasionale' (gemeenskaps)lewe. Die samelewing moet gedepolitiseer word, sodat die taak van die regering ('staat') beperk is tot 'n regverdige en gelyke openbare lewe, terwyl die verskillende gemeenskappe hulle eie lewe organiseer.

Dit is 'n besondere stimulerende boekie met baie vrugbare gedagtes om die mense van Suid-Afrika oor hulle eie situasie te laat dink. In die geheel wonder ek of hy nie tog nog die 'eie' in elke volk te veel beklemtoon ten koste van die (m i noodsaaklike) gemeenskaplike lewe wat tussen die verskillende nasies in een staat (veral in Suid-Afrika!) behoort te ontwikkel nie – onder andere sy voorbeeld van die onderwys (bl 66vv). Ook sy gedagtes oor hoe 'n skikking onderhandel behoort te word (nie net deur politieke partye nie, maar deur alle belangegroepe en individue) is stimulerend en in die geheel is sy keuse vir 'n gemeenskaplike ('communal') politiek met 'n onderhandelde konsensus, teenoor die heersende konflik-politiek met 'n meerderheidsregering, 'n baie aantreklike keuse.

Dwarsdeur die boek is daar 'n tendens (m i sterk Christelik) om op te kom vir armes en onderdruktes (bl 49, 50, 51, 55, 57 ens) – 'n trek wat in 'n nuwe grondwet ingebou behoort te word en myns insiens 'n grondwet baie 'Christeliker' sal maak as enige formele belydenis van die Christelike geloof wat net die lede van ander gelowe kan afronteer.

---

Nannen, E 1991 – Carl Gustav Jung: Der getriebene Visionär

Berneck: Schwengeler Verlag. 430 bladsye. Prys onbekend

Resensent: Dr J P Naudé

## INLEIDING

Els Nannen tree in hierdie omvattende werk met die psigoloog, Carl Gustav Jung (1975-1961) in gesprek. Dit is 'n noodsaaklike gesprek waarin Jung se psigologiese insigte in die lig van die Bybelse teologie getoets word. Nannen is hier die *defensor fidei regulae*, terwyl Jung onder die soeklig is. Jung se analitiese psigologie is hoogs ingewikkeld. Dit vereis besondere inspanning en insig om goed te begryp. Daarom is dit te wagte dat hierdie gesprek 'n moeilike gang sal hê. Ten spyte daarvan is dit besonder insiggewend en dien suksesvol daartoe om twee wetenskappe wat albei intiem met die mens se wese verweefd is, in gesprek te bring.

## INHOUD

Nannen verdeel sy werk in drie dele. Die grootste gedeelte (160 bladsye) is

biografies van aard. Die tweede gedeelte (114 bladsye) gee 'n uiteensetting van Jung se psigologie. Die derde gedeelte (137 bladsye) beskryf die invloed wat Jung op 'n veelheid van dissiplines uitgeoefen het. Elke afdeling van die verskillende hoofstukke word met 'n beoordeling van Jung se psigologie en betrokkendheid by verskeie instansies en dissiplines afgesluit.

Die biografie oor Jung is omvattend. Dit beskryf die familie waaruit hy kom en gee 'n gedetailleerde weergawe van sy vroeë kindheidsgeskiedenis en tienerjare. Dit word deur twee baie belangrike gebeure opgevolg. Die eerste is sy kontak met sy ouere tydgenoot Sigmund Freud. Jung het sy analitiese psigologie vanuit Freud se dieptesielkunde ontwikkel. Dié werk toon aan hoedat verskille in die beskouings van Jung en Freud oor die onbewuste in die psige van die mens, asook botsende droominterpretasies dié twee groot psigoloë uitmekaar gedryf het.

Die tweede belangrike gebeurtenis wat weergegee word, is Jung se uitgebreide wêreldreise. Sy reise na Afrika, die Arabiese lande en Indië is van besondere belang. Dit bied belangrike inligting om Jung se ontwikkeling van die konsep van die kollektiewe onbewuste te verstaan.

Die tweede deel van die werk vorm die kerngedeelte. Dit is 'n sistematiese uiteensetting van die psigologie van Jung. Hierin word die ontwikkeling van sy model van die psige beskryf. Teenoor Freud wat net na die persoonlike onbewuste verwys, stel Jung dat die mens ook 'n kollektiewe onbewuste het. Die kollektiewe onbewuste is die diepste laag van die psige en bestaan uit oorgeërfde inhoude wat universeel by alle volke oor die ganse wêreld aangetref word.

Die kollektiewe onbewuste word deur argetipes gevul. Argetipe is onbewuste beelde wat oorgeërf is van die primitiewe- of oermens. Hulle kom na vore as simbole, veral in droommateriaal. Van hierdie argetipes is die beelde van vader, moeder, kind, geboorte, dood, God en duiwel, asook religieuse beelde soos paradys, sondeval, maagdelike geboorte en wedergeboorte.

Tydens sy reise het Jung hierdie universele inhoude in drome van die swartes van Afrika, die Europeane, Arabiere en Indiërs gevind. Hy het nagenoeg 60 000 drome ontleed om tot die konsep van die kollektiewe onbewuste te kom.

Wat vir die teologie van besondere belang is, is dat Jung meen dat God 'n afdruk van Homself in die kollektiewe onbewuste van die mens gemaak het. Die mens aanbid universeel hierdie God binne sy kultuurverband. Daarom is die aanbidding van Jesus Christus, Alla, Boedha, Jahwe of die voorvadergeeste vir Jung dieselfde. Vir hom is die verskil in

godsdienste kultuurbepaald en niks meer as verskillende name van dieselfde godheid nie.

Teen hierdie agtergrond is dit logies dat Nannen vanuit Christelikteologiese perspektief uiters krities teenoor Jung staan. Vir Nannen bly die Bybel die enigste bron van kennis oor God en is die Christelike godsdiens die enigste ware godsdiens. Dit is in hierdie verband interessant dat Nannen nie na Christelike geloof nie, maar telkens na Christelike religie en Christendom verwys.

In Nannen se beoordeling van Jung se insigte is daar egter 'n tekortkoming. Dit is dikwels kripties en 'n fundamentalistiese kleur in sy eksegese van die Bybel slaan deur. Hy maak byvoorbeeld die bestaan van die onbewuste as deel van die psige af met die blote opmerking dat dit 'nichts mehr als eine Annahme' is nie. Dit is gewoon 'n onwetenskaplike opmerking. Dikwels word psigologiese terme verwerp bloot omdat dit nie in die Bybel weerspieël word nie. Dit herinner onwillekeurig aan die ellende wat Galileo te beurt geval het toe hy aangetoon het dat die aarde om die son draai. Die kerk het hom geëkskommunikeer.

Hierdie werkwyse van Nannen bring 'n vervlakking in die gesprek met Jung en staan in kontras met die hoë kwaliteit van die res van die werk.

Die derde deel van die boek handel oor Jung se invloed oor 'n wye spektrum van dissiplines. Dit wissel van sy invloed op psigoterapie, die staatsleer, eksakte wetenskappe, charismatiese bewegings en les bes, die New Age-beweging.

## SLOTSOM

Els Nannen se werk word sterk aanbeveel vir teoloë wat dit erns maak om met die psigologie as 'n wetenskap wat hom ten diepste met die menslike psige besig hou, in gesprek te tree. Die leser van dié werk sal insig kry in die moeilik verstaanbare, maar tog opwindende wêreld van die geniale Carl Gustav Jung. Terselfdertyd word die teoloog tot nadenke en tot verantwoording van die Bybelse perspektief op die mens geroep.

---

Monsma, G N, Orkar, E, Bruwer, E, Munane, E et al 1991 – Poverty in Southern Africa

Potchefstroom: IRS. 68 bladsye. Prys onbekend

Resensent: Dr R M Naudé

## FORMELE OPMERKINGS

Hierdie uitgawe is 'n bundel voordragte wat gelewer is by 'n byeen-

koms van die Gereformeerde Ekumeniese Raad gehou te Mamelodi naby Pretoria in 1990. Vyf en twintig kerkleiers en raadgewers uit Afrika, Europa en Noord-Amerika het die konferensie bygewoon. Behalwe vir die voordragte en vier verslae oor armoede in verskillende dele van Suid-Afrika, Europa en die Dominikaanse Republiek, bevat die bundel ook die resolusies van die konferensie. 'n Voordrag van prof E Gahamya is hierby ingesluit wat hy gelewer het by geleentheid van 'n konsultasie deur die Departement Etiek, Gemeenskap en Ontwikkeling van die Assosiasie van Evangeliegesindes in Afrika en Madagaskar, gehou in 1989. Die feit dat die voordragte in 'n bundel beskikbaar gestel is, het die voordeel dat dit die voordragte aan 'n groter gehoor beskikbaar stel. Die nadeel is egter dat die inkleding van voordragte nie altyd hiervoor geskik is nie. 'n Voorbeeld hiervan is die voordrag van professor G N Monsma. Sy voordrag is 422 reëls lank waarvan 90 reëls direkte aanhalings uit die Skrif is. Dit maak dit moeiliker om die andersins duidelike omskrywing van die onderwerp te volg.

## INHOUDELIK

Die drie voordragte wat gelewer is, handel oor die 'Biblical and theological perspectives on poverty' deur 'n nie-teoloog, professor Monsma, wat verbonde is aan die Calvin College, Grand Rapids, Michigan. Dr J N Orkar het gepraat oor 'Agricultural Development in Nigeria'. Hy is verbonde aan die Christian Reformed World Relief Commission. Die derde referaat is gelewer deur E Bruwer & E Munane oor 'The community and our elephant'. Albei is verbonde aan Church Aid and Need, gesetel in Suid-Afrika. Prof Monsma maak in sy referaat gebruik van die GER studiestuk oor 'The church and its social calling'. Hy beredeneer armoede vanuit die perspektief van die skepping, die rol wat die sonde speel en die betekenis wat die verlossing het ten opsigte van die koninkryk van God. Die resultaat van hierdie persspektief as vertrekpunt is dat die mens as skepping van God omskryf word as rentmeesters van die skepping. Die sonde word verstaan as selfsug wat in die wêreld gekom het en rentmeesterskap negatief aangetas het. Die Mosaïese wet het die funksie om die invloed hiervan te rem deur aan families te gee wat nodig is om van te leef. Verlossing word omskryf as die herstel van God se koninkryk op aarde wat meebring dat die Christen homself in diens van die arme moet gee. Verlossing beteken dus dat 'n Christen armoede en lyding moet elimineer. Dit moet gedoen word op drie vlakke, naamlik die voorsiening van kos en klere, ontwikkeling van 'n selfhelpskema en die verwydering van

strukture wat armoede veroorsaak. Die vraag wat gevra kan word, is of die teologiese struktuur wat hier gevolg word, reg laat geskied aan die plek en taak van die Christen in hierdie wereld? Die verbintenis tussen die skepping en verlossing (Heb 1:1) van waaruit die skepping gesien kan word in die lig van die verlossing, bring dit duideliker na vore dat God die Skepper 'n Vader is vir hierdie wêreld en sy mense en dat elkeen onder sy sorg staan. Die indikatief hiervan is dat God omgee vir sy skepsel en sy skepping. Die imperatief is dat die Christen wat hierdie sekuriteit ontvang, sal omgee vir diegene wat in nood is.

Die onderhorigheid en afhanklikheid aan God verseker dat die sorg vir mekaar nie gesien kan word as die realisering van die koninkryk asof dit mensewerk is nie. Dr Orkar het in sy voordrag aangetoon dat die Bybelse imperatiewe nie sonder meer reglynig toegepas kan word asof die verwerkliking daarvan 'n eenvoudige saak is nie. Die sending in Nigerië het gepaard gegaan met die opleiding van die bevolking in landboutegnieke om armoede te voorkom. Die voorsiening van tegnologie soos chemikaliee, kunsmis, saad en besproeiingstelsels was egter nie genoeg nie. 'n Lang tydperk van oortuigingswerk en opleiding het gevolg. Die belangrikheid hiervan is dat daar nie kitsoplossings bestaan vir armoede nie. Die opheffing van armoede is aangedui as 'n lang proses van opvoeding om mense tot selfhulp en selfstandigheid te lei.

Die voordrag van Bruwer en Munane het verdere praktiese probleme belig. Gebrek aan behuising en die noodsaak van die betrokkenheid van die gemeenskap by die aanpak van die oplossing van die probleem is duidelik gestel. Gebrekkige behuising lei tot 'n verlies aan respek vir privaatheid, dissipline, seksuele wangedrag, verkragtings en jeugswangerskappe. Wat ervaar word in terme van armoede, is 'n vervanging van die huislike lewe met 'n straatkultuur. Die voordrag toon aan dat die basiese probleem behuising is, maar dat ander aspekte van die lewe hierdeur negatief aangetas word. Vanuit hierdie dilemma word die belangrikheid aangetoon van die kerk se betrokkenheid by projekte wat stabiliteit bring in die lewe van gesinne. Vanuit ander die verslae word dit duidelik dat die onderrig in die verbouing van groente om ten minste selfversorgend te wees, van groot belang is. Die samewerking van die betrokke gemeenskap moet egter verkry word om enigsins inslag te vind en armoede teen te werk.

In sy geheel gesien, is die belang van die referate nie soseer die analise wat gemaak word van die oorsake van armoede in Suid-Afrika nie, maar wel die strategie wat gevolg word om armoede teen te werk. Hier kan geput

word uit die dure lesse wat die praktyk 'n mens leer soos vermeld in die konklusies van die seminaar. Die voordrag van Gahamya wat as byvoegsel by die konferensie se voordragte ingesluit is, stel dit duidelik dat armoede veroorsaak word deur politiek en dat dit deur middel van politieke aksie beantwoord moet word. Hy maak egter ook die interessante opmerkings dat dit een van die sondes van die 'teologie van bevryding' is om armoede slegs te beperk tot fisieke armoede. Hy verklaar armoede eerder in terme van geestelike armoede vanweë die feit dat vir Christus gekies word. Hy wys ook daarop dat armoede nie altyd bestaan as gevolg van politieke strukture nie, maar ook vanweë luiheid! Hy stel kreatiwiteit as die oplossing vir armoede. Mense moet hulleself as bronne van oorlewing sien in plaas van om op ander se gunste staat te maak. Alhoewel die politieke sienings van die referente telkens sigbaar word, is die behandeling van hierdie onderwerp van kardinale belang vir Suid-Afrika en vir elkeen wat belangstel in sendingwerk en die verbetering van die omstandighede waaronder mense leef. Die Instituut vir Reformatoriese Studies kan bedank word vir die feit dat hulle die referate op hierdie wyse beskikbaar gemaak het.

---

**Hofmeyr, J W 1988 – Die Nederlandse Nadere Reformasie en sy invloed op twee kontinente: 'n Vergelyking van die invloed en deurwerking van enkele aspekte van die Nederlandse Nadere Reformatie in die Suid-Afrikaanse en Noord-Amerikaanse kontekste**

Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika. 159 bladsye. Prys R27,50

Resensent: Prof A D Pont

Die Nederlandse Nadere Reformasie is nie alleen 'n merkwaardige kerklikteologiese beweging nie, maar ook 'n beweging wat 'n breë invloed gehad het èn 'n merkwaardige geneigdheid het om voort te bestaan en invloed uit te oefen. Daarby is dit 'n beweging wat voortdurend die aandag trek en nuwe navorsingspublikasies ontlok. Hoewel die Nadere Reformasie ongetwyfeld in Suid-Afrika groot invloed gehad het in die agtiende en negentiende eeu, is die omvang en invloed van dié beweging nog nooit in diepte gepeil nie. Dit hang in 'n sekere mate saam met die feit dat die negentiende-eeuse draers van die Nadere Reformasie-denke in al sy verskillende fasette, grotendeels beperk was tot die pionier-Afrikaner van die Kaapse oosgrens èn die Voortrekkers. Die invloed wat die Nadere Reformasie op hulle denke en optredes

gehad het, is moeilik om presies vas te stel, juis omdat die pionier normaalweg nie 'n skrywer is nie. Daarby moet in gedagte gehou word dat die troepe van Kitchener tydens die Engelse Oorlog feitlik alle plaashuise in die twee Boererepublieke met inhoud en al òf opgeblaas òf afgebrand het. Hierdie optrede het meegebring dat daar 'n enorme gaping in die moontlike navorsingsmateriaal is.

In ieder geval is dit belangrik dat Hofmeyr in hierdie publikasie probeer om die invloed van die Nadere Reformasie in Suid-Afrika ten opsigte van die houding teenoor die sending en verdraagsaamheid te peil. Om dit te kan doen, gee hy eers 'n oorsig oor die Nadere Reformasie in sy Nederlandse konteks en daarna in Suid-Afrika.

Rondom die skets oor die Nadere Reformasie in Nederland, kan daar wel 'n paar opmerkings gemaak word, dit veral omdat Hofmeyr hom in hoofsaak deur geselekteerde sekondêre bronne laat lei. Dit is miskien nie so vreemd nie, omdat 'n selfstandige ondersoek na die ontstaan en opkoms van die Nadere Reformasie 'n veeleisende saak is. Tog is dit opvallend dat die hele aksentverskuiwing in die Nadere Reformasie van die objektiewe teologie van Calvyn na die subjektiewe teologie van die Nadere Reformasie nie skerp genoeg raakgesien en geanaliseer word nie. Dit bring mee dat daar nie raakgesien word nie dat die Nadere Reformasie die *sola fide* van die Reformasie met sy klem op die regverdiging deur die geloof alléén loslaat en inruil vir 'n *ordo salutis* wat wéér op die spoor loop van die Rooms-Katolieke semi-pelagiaanse monnike-vroomheid. By à Brakel, die veelgelese populêre dogmatiek van die pioniers en die Voortrekkers, beweeg die *ordo salutis* soos volg: roeping-wedergeboorte-geloof-regverdigmaking-aanneming tot kind van God – die geestelike vrede en blydskap. So 'n *ordo salutis* is ten ene male vreemd aan die teologie van Calvyn.

Die vraag ontstaan wáár die oorsprong van die moontlike verskuiwing kom en die antwoord, so ver ek dit kon vasstel, lê in die denke en teologie van Beza. Hy verskuif as 't ware die uitverkiesingsleer (wat by Calvyn as 'n konklusie aangetref word in die *Institusie III, 21-24* ná sy paragrawe oor geloof, berou, die Christelike lewe, die regverdiging deur die geloof, die Christelike vryheid en gebed) na die begin van die dogmatiek en koppel dit aan die leer van die voorsienigheid. So word die uitverkiesingsleer 'n uitgangspunt vir die hele teologie, speel daarin 'n bepalende rol en het 'n dubbele gevolg. Enersyds verskuif dit die aandag van die uitverkiesende God na die uitverkore mens en net só en daar vind daar 'n kortsluiting plaas en word die na-Calvyn calvinisme op 'n subjektiewe spoor

geplaas. Terselfdertyd skep dié verskuiwing, sáám met die aksentuering van die leer van die uitverkiesing, die moontlikheid om weer die filosofie van Aristoteles nader te trek om daarmee 'n onderbou aan die ortodoksie te gee. Dan is daar in die na-Calvyn Calvinisme sowel 'n Aristotelies-bepaalde ortodoksistiese skolastiek as 'n subjektief-bepaalde reaksie, die Nadere Reformasie met sy klem op die *praxis pietatis* en 'n *ordo salutis* wat die mens, in meerdere of mindere mate self, moet verwerklik. Daarmee verdwyn die evangelie uit die teologie en die beroemde driedeling van die Heidelbergse Kategismus: kennis van die sonde, verlossing èn dankbaarheid.

Dit is ook interessant om daarop te let hoe die invloed van die Engelse puritanisme van William Perkins, deur middel van sy leerling, William Ames enersyds via Franeker en andersyds via Zeeland deur die werk van die Teellincks, wat by die Engelse puritanisme gaan kers opsteek het, deurwerk en die Nadere Reformasie stimuleer.

Juis vanweë die subjektiewe karakter van die Nadere Reformasie is dit nie so vreemd dat De Labadie, die Rooms-Katolieke bekeerling en gewese Jesuïet, so 'n groot invloed daarin uitgeoefen het nie, want dit is dieselfde godsdienstige klimaat. Vanuit die Nadere Reformasie loop die verbindingslyne as 't ware vanselfsprekend na die Duitse èn Nederlandse piëtisme, wat tog iets anders is as die Nadere Reformasie, en daarvandaan na die Engelse metodisme wat in die negentiende eeu die voedingsbodem en stimulans word van die Europese maar ook Nederlandse réveil.

Nou is dit interessant dat in die Nadere Reformasie, ten opsigte van die sending, 'n dubbele lyn te bespeur is. Die één lyn loop sterk op die spoor van – om dit so te noem – die Beza-denke wat die uitverkiesing 'n uitgangspunt maak van die teologiese nadenke. In dié denke is sending nie 'n prioriteit nie. Jare gelede al het ek in *HTS* 16 'n artikel geskrywe oor die deurwerking hiervan in die denke van die Vrystaatse Venter-familie. Dié opvatting se verspreidheid en hoe ver dit gestrek het, is moeilik om te bepaal (danksy Kitchener) maar dit het waarskynlik méér bygedra tot 'n afwesigheid van belangstelling in die sending in Suid-Afrika as allerlei duistere gevoelens van 'rassetrots' (bl 68). Die enigste probleem is dat dit nie juis blyk uit die skaars historiese materiaal nie. Miskien net vir die interessantheid kan in hierdie verband op die volgende gewys word: Hofmeyr stel op bladsy 69: 'Die teorie het wel sporadies by die pionierbevolking ontwikkel dat die gekleurdes die afstammelinge van Gam was en dat hulle daarom tot ondergeskiktheid en diens geroep is.' Dan stel hy dat dit 'slegs by hoë uitsondering in kerklike

kringe aangetref is....' In A Hellenbroek se *Voorbeeld der Goddelijke Waarheid* wat nogal taamlik algemeen as katkisasieboekie gebruik is naas Faukelius se *Kort Begrip* en die Heidelbergse Kategismus self (vgl B Spoelstra 1963. *Die Doppers in Suid-Afrika 1760-1899.* Kaapstad: Nasionale Pers, bl 24), kom die volgende vrae voor in die afdeling, 'Kort Begrip van de voornaamste dwalingen dergenen, die buiten de Gereformeerde kerk zijn':

V. Welke zijn die buiten het Christendom?
A. Heidenen, hedendaagse Joden en Mohammedanen.

V. Wat zijn Heidenen?
A. De Heidenen zijn voornamelijk voortgesproten uit Cham en Jafet, die van het woord der belofte zijn afgeweken en zonder openbaring van God leven.

Interessant is dat by Hellenbroek die begrip 'sending' nie voorkom nie, terwyl à Brakel dit ook nie behandel nie. Dit sou interessant gewees het as Hofmeyr uit die geskrifte van die *oude schrijvers* sou aangetoon het watter stimulanse vir die sending dáár voorgekom het. Miskien sou dit ook goed gewees het om te peil waarom die kanttekening in die Statenbybel by Matteus 28:19 so neutraal is, dit juis sodat vasgestel kan word wát die vadere se opvatting kón gewees het op grond van die verwysingsmateriaal wat tot hulle beskikking was. Maar nou word die saak enigermate in die lug gelaat. Ek wil toegee dat net die lees van die geskrifte van die *oude schrijvers* 'n stewige opdrag is, maar een of ander tyd sal dit gedoen moet word sodat die feitlikhede gepresiseer kan word. As Hofmeyr op bladsy 70 stel, 'Van stimuli vanuit die Nadere Reformasie ten opsigte van sending aan die Kaap, het weinig tot hulle reg gekom', ontstaan dus die onbeantwoorde vraag: Watter stimuli was daar in die Nadere Reformasie-materiaal wat vir die sending aan die Kaap van waarde kon gewees het?

Maar om terug te keer: Die ander lyn in die Nadere Reformasiedenke loop meer op die semi-pelagiaanse lyn, wat veral deurwerk na die Morawiërs en die Wesley-metodisme wat 'n hoë prioriteit toeken aan die sending (in- en uitwendig), maatskaplike diensbetoon aan minderbevoorregtes en onderwys. Daarom is ek dit ook nie eens met De Villiers se karakteristiek van die Nadere Reformasie soos Hofmeyr dit op bladsy 58-59 aanhaal nie, Juis omdat hy nié die dubbele lyn in daardie stroming raaksien nie. Sy stelling dat die Nadere Reformasie 'n reaksie teen die rasionalisme (Descartes cs) is, is nie aanvaarbaar nie, want die Nadere Reformasie reageer veel eerder teen die Aristoteliese ortodoksisme as teen

die Verligtheid. Verder is De Villiers se stelling dat die Nadere Reformasie die Duitse piëtisme wou suiwer, miskien waar van die latere Nadere Reformasie-skrywers. Dit is egter opvallend dat à Brakel skerp polemiseer téén De Labadie, maar oor Spener nie 'n enkele woord rep nie. Dit is juis hierdie soort vaaghede wat dikwels nie op navorsing van die geskrifte sélf berus nie, wat die beoordeling van die Nadere Reformasie so uiteenlopend maak.

Die vraag wat telkens óók na vore kom, is of dit, wat Suid-Afrika betref, gaan om die Nadere Reformasie as sodanig of om die Nadere Reformasie-skrywers wat in Suid-Afrika gelees, bestudeer en nagevolg is. So ver ek kon vasstel, was die invloed van à Brakel aan die oosgrens en onder die pioniers in die Oorvaalse groter as byvoorbeeld van Smijtegelt se preke.

In my navorsing het ek vasgestel dat die invloed van Voetius baie gering indien enigsins was, maar daarteenoor is Hellenbroek, vanweë sy katkisasieboekie, weer hoog aangeslaan. Dit sou tog nodig word, as ons regtig dit erns wil maak met die Nadere Reformasie-invloed, om te probéér vasstel wát die omvang van bekendheid van die verskillende *oude schrijvers* was. Want nie almal wat in Nederland bekend èn invloedryk was, was onder die ouer geslag kerkmense so bekend en gewild nie. Daarom is Hofmeyr se poging in hierdie verband (bl 62-67) lofwaardig.

Interessant èn belangrik is die invloed van die drie predikante wat, volgens Hofmeyr (bl 60-61) drie kanale was waarlangs die Nadere Reformasie-invloed in die Kaap verbrei is. Ten opsigte van M C Vos (bl 61-62) kan net gemeld word dat hy nie direk na afloop van sy studie (bl 61) na die Kaap terugkeer nie, maar in Nederland predikant word te Woudenberg in 1785 en daarna in Pijnacker en Woerden in 1790 totdat hy in 1793 deur 'de Heeren Bewindhebberen der Oost-Indische Compangnie' aangestel is as predikant 'voor de Kaapsche Kerk' en daartoe ook beroep is deur die klassis Amsterdam (M C Vos 1824. *Merkwaardig verhaal*. Amsterdam: Saakes, bl 98). As 'n mens Vos se verhaal lees, is dit 'n oop vraag of hy nog as 'n verteenwoordiger van die Nadere Reformasie aangedui kan word en of hy nie eerder 'n metodis is nie – dit ook vanweë sy waardering vir die sendelinge van die LMS. Dit wil my voorkom dat die tipiese na binne gerigte, wêreld-mydende denke van die Nadere Reformasie by Vos ontbreek. Persoonlik sou ek Vos as 'n post-Nadere Reformasie-figuur klassifiseer.

Uit die bogaande is dit duidelik dat ek vir 'n groot deel nie saamstem met Hofmeyr se beskrywing van die Nadere Reformasie nie en daarom is sommige van sy gevolgtrekkings vir

my nie korrek nie. Tog is ek van mening dat hierdie werk van Hofmeyr nie sonder verdienste is nie, al aksentueer dit dan die noodsaaklikheid van verdere navorsing wat gedoen moet word. Elke leser sal egter steeds dit in gedagte moet hou dat met die Nadere Reformasie ons te make het met subjektiewe teologie wat betreklik maklik afgly in die rigting van die semi-pelagianisme en/of arminianisme. Dit is 'n moontlikheid wat die na-Calvyn Calvinisme skep, maar wat deur Calvyn self afgewys word.

---

**Lategan, L O K 1991 – Genadedood of dood sonder genade?**

Bloemfontein: Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys. 90 bladsye. Prys onbekend

**Resensent: Dr D J Smith**

Soos die titel aandui, handel die publikasie oor die probleem van genadedood. Die skrywer is van mening dat daar enkele faktore is wat dit nodig maak om opnuut na dié probleem te kyk. Hierdie faktore is: die veranderende mediese etiek met die tegnologiese verandering en die daarmee gepaardgaande medies-tegnologiese mag as vernaamste veranderende mag, die opkoms van die gedagte van absolute menslike vryheid, die gebrek aan 'n voldoende definisie van genadedood, probleme met die bepaling van die oomblik van dood wat vanuit mediese, juridiese en teologiese oogpunt verskil, en ook 'n behoefte aan geboortebeperking sowel as lewensbeperking wat groei uit die bevolkingsontploffing en die behoefte aan organe vir oorplanting.

In sy definisie van genadedood sluit die skrywer by twee persone aan – eerstens by J H Smit: 'Genadedood het te doen met 'n sterwe wat vroeër plaasvind as wat bioties noodsaaklik is' en tweedens by R A McCormick: 'This is euthanasia: one human being by an act or lack of an act is going to cause the death of another.'

Die skrywer gee aandag aan die begrippe 'aktiewe-' en 'passiewe genadedood'. Hy definieer 'passiewe genadedood' soos volg: '[D]it is die onttrekking van alle kunsmatige behandeling wat gemik is op die herstel van lewe waarvoor geen hoop op herstel bestaan nie.' Hy definieer die term 'aktiewe genadedood' as 'n 'daadwerklike optrede deur 'n ander persoon om 'n lewe van iemand onder mediese behandeling vrywillig of gedwonge te beëindig'.

Hy gaan in op die probleme rondom die begrippe en spreek die mening uit dat 'n mediese dokter in sy beoordeling van die saak van genadedood ook aan wette onderworpe is.

Die wette sou volgens die skrywer die volgende wees:

* die Wet van God soos dit in die sentrale liefdesgebod sy dieptepunt vind.
* God se kosmiese skeppingswet vir samelewingstrukture (dit lyk asof die skrywer hier sinspeel op die Wysbegeerte van die Wetsidee).
* Die wette van die wetenskap wat in diens van die mens se vryheid gestel kan word.

Die geneesheer moet ook verder gelei word deur die besef dat hy wel lyding kan verlig, maar nie die lewe kan verleng nie; die kwaliteit van die lewe kan verbeter, maar nie die kwantiteit nie.

Die skrywer is ook van mening dat die mens se mensbeeld 'n belangrike rol in die beoordeling van die saak speel. 'n Mens se mensbeskouing staan nooit los van sy etiek nie. Om hierdie rede wy hy ook 'n hoofstuk aan die mens as beelddraer van God met die doel om vanuit 'n Bybelse mensbeeld riglyne te trek van hoe 'n Christen eerbied vir die lewe moet sien. Hierdie Christelike begrip van eerbied vir die lewe moet dan weer lig werp op die vraagstuk van genadedood.

Hy gee ook aandag aan die saak van 'n botsing van pligte om by wat hy 'n versoeningsmetodologie vir konfliksituasies noem, uit te kom. Die metodologie moet dan van hulp wees waar die moontlikheid van genadedood 'n mens voor 'n konfliksituasie plaas.

Die oomblik van dood word ook bespreek. Die skrywer bespreek die oomblik van biotiese dood met breindood as uitganspunt; hy bespreek ook die oomblik van juridiese dood en gee 'n beskrywing van die regsproses wat tot die verklaring lei dat iemand juridies dood is. Verder gee hy ook aandag aan enkele hofsake rakende genadedood. Derdens bespreek hy die religieuse oomblik van dood waar hy onderskei tussen die eerste dood as biotiese dood en die tweede dood as die religieuse dood waar 'n mens buite God sterf in 'n onherroeplike Godvervreemdheid.

Hy gee ook kortliks aandag aan die humanistiese visie van die dood wat uitgaan van die gedagte dat die mens outonoom kan besluit oor sy lewe en dood.

In 'n hoofstuk oor God en siekte word aandag gegee aan die voorsienigheid van God, die Teodisee-probleem, sonde en siekte, en die probleem van lyding.

Die skrywer gee aandag aan die opkoms van die tegnologie en die medies-tegnologiese mag wat al meer tot die posisie van almag verhef word en mense laat glo dat hulle alles kan en mag doen. Hierteenoor wys hy op die grense wat die Christelike geloof aan

die uitoefening van die medies-tegnologiese mag stel.

In 'n poging om praktiese riglyne te gee vir besluitneming in gevalle waar passiewe genadedood ter sprake kom, stel die skrywer in aansluiting by Uys en Smit, die piramidale metode van optrede voor. In dié metode is die aanwysing van 'n etiese komitee belangrik en word uitgegaan van 'n multidissiplinêre benadering. Wanneer besluite geneem moet word, word vanuit 'n piramidale struktuur gewerk waar die geneesheer, hospitaal en verpleegpersoneel, maatskaplike werker, pastorale sielkundige of hospitaalleraar, predikant en, waar nodig, juris, insette lewer om die familie tot besluitneming te help. Die boonste punt van die piramide is die pasiënt en/of familie.

Laastens probeer hy riglyne trek vir 'n verantwoordelike optrede. Hierin laat hy hom lei deur wat hy 'n kontekstueel-genormeerde etiek noem. In dié etiek neem die begrippe 'kosmiese skeppingsorde van God' en 'skeppinsbeginsels' 'n belangrike plek in. Dit dui myns insiens daarop dat hy onder die invloed van die sogenaamde Christelike Wysbegeerte of ook die Wysbegeerte van die Skepping of Wetsidee staan, waarin die gedagte van Bavinck en Dooyeweerdt 'n belangrike rol speel. Hierdie wysgerige oriëntering slaan telkemale deur in die boek en is myns insiens nie altyd ter verheldering van sy saak nie.

Die publikasie handel oor 'n belangwekkende saak, maar is nie altyd so bevatlik soos in die voorwoord gesê word nie. 'n Mens kry die indruk dat die skrywer nie altyd daarin slaag om sy gedagtes logies vloeiend oor te dra nie. Daar is 'n soort van spronge-righeid in die aanbieding van sy gedagtes. 'n Mens kry die indruk dat hy eklekties-kompilatories met sy stof omgegaan het. Nadat ek die werk deurgelees het, het ek tog met 'n gevoel van ietwat onbevredigd wees gesit omdat die skrywer nie werklik geslaag het om alles oor te dra wat hy kon oordra met die materiaal tot sy beskikking nie.

Die teks van die boek is ook nie goed versorg nie en daar is veral in die aanhalings in ander tale – veral in Engels – baie slordige oorskryffoute. Daar is soveel van hulle dat ons nie die ruimte hier het om hulle neer te skryf nie. Die swak versorging van die teks blyk alreeds uit die voorwoord wat weer op die agterblad gegee word: In die voorwoord staan: 'Hierdie publikasie is 'n bevatlike en *sivnolle* bydrae...Dit is veral die geval omdat die skrywer met deernis skryf omdat hy *bewus* is....' In die aanhaling uit die voorwoord op die agterblad staan: 'Hierdie publikasie is 'n bevatlike en *sinvolle*...Dit is veral die geval omdat die skrywer met deernis skryf omdat hy *bewys* is....'

In die geheel gesien is die publikasie nie heeltemal so geslaag as wat die uitgewers dit wou hê nie. Dit beteken nie dat die publikasie onbruikbaar is nie. Vir die leser met die nodige agtergrond en bereidheid om te soek en te dink, bied die publikasie wel bruikbare gegewens.

---

**Van der Walt, B J & Van der Nest, D G 1991 – Proefdiernavorsing**

Potchefstroom: Instituut vir Reformatoriese Studie. 43 bladsye. Prys onbekend

**Resensent: Dr D J Smith**

Die brosjure gee aandag aan 'n saak wat in 'n teologies-wetenskaplik georiënteerde wêreld weer telkens op die voorgrond sal kom. Twee sake is duidelik: In die eerste plek is dit 'n saak wat dikwels hoogs emosioneel benader word; in die tweede plek is dit 'n saak waarop nie eenvoudige swart en wit antwoorde gegee kan word nie.

Van der Walt behandel die saak vanuit 'n teologiese oogpunt en Van Der Nest vanuit 'n wetenskaplike oogpunt. Hoewel Van der Nest baie interessante gegewens in verband met eksperimentering met diere gee en wel nie die Christelik-normatiewe wil verwaarloos nie, beperk ons ons in die resensie tot die bydrae van Van der Walt wat spesifiek op die teologies-etiese konsentreer.

Van der Walt gee eers agtergrondgegewens wat die historiese aanloop en die huidige gebruik van diere in eksperimente insluit. Hy gee ook 'n oorsig van die argumente *pro* en *contra* die gebruik van proefdiere en toon aan dat in soverre daar van 'n etiek sprake is, die voorstanders van proefdiernavorsing meestal van 'n utilistiese etiek uitgaan en die teenstanders gewoonlik van 'n min of meer normatiewe etiek.

Wanneer dit by sy eie aanpak van die saak kom, toon Van der Walt myns insiens tereg aan dat proefdiernavorsing nie in die *eerste plek* 'n morele vraagstuk is nie. Hy sien dan ook die oplossing van die probleem nie daarin dat daar so 'n bietjie Christelike etiek bygebring word nie. Hy kies eerder om die vraagstuk te benader vanuit wat hy 'n 'integraal-Christelike perspektief' noem. Dit beteken dat hy in 'n breëre Bybelse perspektief 'n aanduiding vir oplossings wil soek.

Die perspektiewe waarvan hy uitgaan, is dié van God se eiendomsreg oor alles, God se kultuuropdrag aan die mens, die mens se rentmeesterskap van God se skepping, God se norme vir sy hele skepping en die eskatologiese perspektief.

Die basiese gang van die standpunte wat hy hier stel, is aanvaarbaar,

maar 'n mens kan nie help om hier en daar die gevoel te kry dat hy die reikwydte van die Bybelse gegewens waarmee hy werk, wil oorspan nie. So sê hy byvoorbeeld op bladsy 15, as hy oor die kultuursaak van die mens praat, 'dit was sy omvattende religieuse roeping' en vervolg dan: 'Baie Christene ken ongelukkig nie meer hierdie kultuurmandaat nie. Hulle weet alleen van die groot sendingbevel van Christus, naamlik om die evangelie uit te dra aan alle volke, tale en nasies [Matt 28:19, 20]. Ons roeping as Christene is egter nie om ons kultuuropdrag te vergeet, te verwaarloos of [teenoor die sendingbevel] 'n tweederangse plek te gee nie. Nee, ons moet die verlossing in Christus verkondig *in* ons kultuurtaak van ontsluiting van die hele skepping. *Die twee opdragte van God* [*in Genesis en Matteus*] *is dieselfde*! Die een is ook nie iets sekulêr [die kultuurtaak] en die ander [sendingopdrag] iets geestelik nie' (my kursivering).

Dit blyk ook dat die Filosofie van die Wetsidee/Skeppingsordeninge ook meespreek in sekere uitsprake wat hy maak. So sê hy op bladsy 20: 'Hierbo het ons die aandag daarop gevestig dat God nie net die skepping daargestel het nie, maar ook duidelike wette of verordeninge gegee het waarvolgens dit sal funksioneer... Hierdie reëls van God kan uit die reëlmatigheid van die skepping afgelei word. [God het sy skeppingsordening of -beginsels soos stippellyne aan ons gegee. Ons moet in ons kultuurantwoord hierdie stippellyne volskryf].'

Wanneer Van der Walt tot 'n standpuntinname moet oorgaan, word dit duidelik dat dit 'n besonder moeilike vraagstuk is waaroor moeilik met stellingheid standpunt ingeneem kan word. Dit word dan ook duidelik dat selfs Christene wyd uiteenlopende standpunte oor dié saak sal inneem.

Daar is 'n verskeidenheid redes hiervoor, maar ek dink Van der Nest is reg as hy sê dat die verskille van mening grootliks toegeskryf kan word aan die verskille in klem wat gelê word tussen die mens se heerskappy en rentmeesterskap oor diere.

Die volgende sake speel ook 'n belangrike rol in die debat oor die saak – en 'n mens sal hieroor helderheid moet kry voordat hy standpunt inneem. Die sake is die volgende: die siening van die gebruik en nuttigheid van diere, die opvatting van die grense en andersheid tussen mense en diere, die moontlikheid al dan nie van die bestaan van diereregte, die moontlikheid en werklikheid al dan nie van spesieïsme. Met spesieïsme bedoel die teenstanders van proefnemings met diere iets analoog aan rassisme, dit wil sê diskriminasie teenoor diere.

Ten slotte: Proefdiere is 'n hoogs emosionele saak vir sommige mense.

Soos met enige emosionele saak kan 'n mens se emosies sy argumente en gevolgtrekkings beïnvloed. Van der Walt is self nie heeltemal vry te spreek hiervan nie. Hy spreek op bladsy 25 die mening uit dat eksperimente met diere 'n ernstiger probleem behoort te wees as dié met mense, want mense het 'n keuse en kan weier. Diere kan dit nie doen en hulleself beskerm nie. Hy maak dan vervolgens dié sterk stelling: 'Eksperimentering met enige skepsel [mens, dier en plant] wat teen sy eie belange ingaan, kan alleen oneties wees.' Dit is myns insiens 'n hoogs emosionele uitspraak en die skrywer moet homself die vraag afvra of hy nie argumente wat 'n mens net ten opsigte van mense kan gebruik op plante en diere oorgedra het nie en of sy siening van die onderskeid, grense en verhouding tussen mens, dier en plant suiwer is.

Die wyse waarop sy emosies meespreek, word ook duidelik uit die laaste sin van die volgende aanhaling: 'Indien ons hierdie Skrifperspektiewe eerlik op proefdiernavorsing toepas, kan ons by geen ander konklusie uitkom nie as dat dit – indien toelaatbaar – alleen met die allergrootste verantwoordelikheid en versigtigheid gedoen mag word. Indien iemand in die lig hiervan nog verder wil gaan en tot die gevolgtrekking kom dat sodanige gebruik van diere totaal onchristelik en dus heeltemal onaanvaarbaar is, sal ek dit kan begryp.'

Die debat oor proefdiere sal sekerlik nog baie lank gevoer word, sonder dat die debatvoerders aan weerskante mekaar werklik sal oortuig, omdat mense hulle moeilik kan losmaak van hulle emosies oor die saak.

Hierdie brosjure lewer 'n bydrae tot die debat en kan aanbeveel word omdat dit so maklik en vloeiend lees en in 'n taal en idioom geskryf is wat dit maklik toeganklik maak vir 'n wye leserskring.

---

Venster op mag en geweld: Christelike perspektiewe 1990 (Reeks F3: Versamelwerke nr 37)

Potchefstroom: Instituut vir Reformatoriese Studies. 303 bladsye. Prys onbekend

Resensent: Dr D J Smith

Die publikasie is baie duidelik op die Suid-Arikaanse situasie afgestem waar daar al hoe meer 'n geweldskultuur ontwikkel of waar die mens elke dag met dade en dreigemente van geweld gekonfronteer word. Dit gee nie net aandag aan die vraagstuk van geweld nie, maar ook aan alle ander vraagstukke wat in die Suid-Afrikaan-

se situasie saamhang met of voortvloei uit die geweldskwessie, soos byvoorbeeld die vraagstuk van regeringsmag, magsgebruik en -misbruik, opstand teen gesag, revolusie ensovoorts. Die vraagstuk van geweld word oor 'n breë front bekyk en daarom kom allerlei vorme van geweld, soos byvoorbeeld politieke, militêre en ekonomiese vorme ter sprake.

G R van den Bergh van die Departement Geskiedenis van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys lewer 'n bydrae met die titel 'godsdiensoorloë deur die geskiedenis'. Hy gebruik die term 'godsdiensoorlog' in 'n baie ruim sin van die woord om nie net militêre aksies in te sluit nie, maar enige gewelddadige vervolging van godsdienstige afvalliges of andersdenkendes van watter aard ook al.

'n Sterk punt van sy aanbieding is dat hy aandag gee aan die sosiaal-dinamiese agtergrond waarteen oorloë afspeel. Dit word dan duidelik dat die bedekte, maar dikwels groter oorweging sosiale en ander oorwegings mag wees.

Hy fokus veral op die Reformasie en die godsdiensoorloë van die sestiende en sewentiende eeue. Hy toon ook geslaagd aan hoe die opkoms van die nasionalisme – waar die nasionale bewussyn nie langer deur konings nie, maar deur 'n kerk vergestalt is – 'n belangrike rol gespeel het in die opkoms van die Lutheranisme en Calvinisme.

Wanneer hy die lyn deurtrek na die hede, toon hy aan hoe die sosiopolitieke en sosio-ekonomiese denkbeelde wat hulle wortels in die Rasionalisme van die agtiende eeu het, 'n belangrike rol gespeel het in die nuwe soort 'godsdiensoorlog' wat tans teen die Christendom gevoer is.

Die waarde van Van den Bergh se bydrae is dat hy sy leser bewus maak van die gevaar dat eksterne invloede, gedagtes en motiewe die kerk se denke en optrede sterk kan beïnvloed en die gesag van die 'sola Scriptura' heeltemal op die agtergrond kan skuif.

Die gevaar waaraan die mens tans blootgestel is, is steeds die gevaar wat so duidelik na vore gekom het in die stryd tussen die Rooms-Katolieke Kerk en die Reformasie in die sestiende en sewentiende eeue soos verwoord deur Steinberg (aangehaal deur Van den Bergh): '[A]nd as ever secular ideas found expression most commonly in biblical and ecclesiastical language: arguments of statecraft and political propaganda readily appeared in the guise of religious or theological controversy.'

C Villa-Vicencio van die *Department of Religion and Society* aan die Universiteit van Kaapstad se bydrae dra die titel 'Revolutionary violence toward a theological explanation'. Hy wil hom laat lei deur, wat hy noem,

die historiese realisme dat die wil tot bevryding deel is van menswees en dat volgehoue onderdrukking en gedwonge diensbaarheid onvermydelik aanleiding gee tot protes, weerstand en revolusie. Hierdie vooronderstelling oefen 'n sterk invloed uit op sy teologiese waardering van revolusionêre geweld.

'n Verdere veronderstelling waarvan hy uitgaan, is dat tot op datum van sy bydrae, die regering (en die apartheidsisteem) in Suid-Afrika uitsluitlik verantwoordelik is vir die onderdrukking, lyding en gebrek aan vryheid van die swart minderheid. Die staat het die voorwaardes vir revolusie geskep en die onderdrukte mense het gereageer. Aldus hom moet die onderdrukte mense se opvattings beklemtoon word wanneer oor hierdie saak gepraat word.

Hy handel oor al die belangrike aspekte van die tradisionele siening van die sogenaamde geregverdigde oorlog en trek telkens die lyn deur na die Suid-Afrikaanse situasie. Hy doen dit op so 'n wyse dat hy telkens probeer aandui hoe die meer radikale sienings van swart kerkleiers wat nou aansluit by 'n Teologie van Revolusie, tog op 'n manier vanuit die opvatting van 'n geregverdigde oorlog geregverdig kan word. Hy gee onder andere aandag aan die aspekte van 'n geregverdigde rede, 'n regverdige einde, regverdige middele, oorlog as laaste uitweg, dat dit deur 'n wettige owerheid verklaar moet word en opstand teen 'n tirannieke owerheid, asook pasifisme.

Op die vraag of daar 'n alternatief is vir die gewapende stryd en of die geweld verbreek kan word, stel hy dat die alternatief die demokratiese proses is.

Hy beskou die institusionele kerke se gesprek oor die moraliteit van revolusionêre geweld as tydmors en ontvlugting van hulle verantwoordelikheid. Hy vervolg (bl 50): 'Given its calling to proclaim liberty to the captives and to set the oppressed free, the Church could best contribute to the elimination of violence by engaging in whatever actions it may deem theologically acceptable to change the prevailing situation of oppression *– but it must do something!*'

Wanneer hy praat oor die onderdruktes wat vir geweld kies, sê hy (bl 51): 'Theologically in no position to pass judgement on or to condemn such people, the church is obliged to use and expand the space to its disposal to eliminate the violence of apartheid which obliges some people to become revolutionaries rather than spend their energies in the more creative and pleasing activities for which God created mankind.' Villa-Vicencio se bydrae is beslis bedoel om 'n gesprek met die tradisionele sieninge uit te lok.

L F Floor ('n emeritus professor) se bydrae 'The Bible on the issue

church and violence' gee op 'n bekwame en kernagtige wyse die kerk in die Ou en Nuwe Testament se reaksie op geweld weer. Hy definieer geweld as die onnodige, uitermatige, skadelike en onwettige gebruik van mag.

Ná 'n kort analise van die hermeneutiese tekortkominge van die sogenaamde Bevrydingsteologie, gee hy 'n uiteensetting van die reaksie, of, anders gestel, 'n antwoord van die kerk in die Ou en Nuwe Testament op geweld. Hy onderskei 'n passiewe reaksie en 'n aktiewe reaksie. Die passiewe reaksie beteken dat 'n Christen onder aanslae van geweld bereid moet wees om te verdra, verduur, volhard en selfs te ly.

Die aktiewe raeksie beteken dat die kerk op geweld geantwoord het met gebed en diens aan God, met die Christelike barmhartigheid aan die vyand en met die Woord van God. Hy bied 'n nuttige en sobere bydrae tot die debat aan.

L D Hulley van die Departement Sistematiese Teologie aan UNISA gee 'n weergawe van huidige standpunte van verskillende Suid-Afrikaanse kerke ten opsigte van geweld. Hy neem die standpunte van die Rooms-Katolieke Kerk, die Anglikaanse Kerk in Suider Afrika, die Presbiteriaanse Kerk, die Metodiste Kerk, die NG Kerk en die Nederduitsch Hervormde Kerk in oënskou en behandel dit onder die hoofde van die tradisie van geregverdigde oorlog, begrip vir die situasie in Suid-Afrika, gewetensbesware teen militêre diens en ekonomiese druk as 'n alternatief vir geweld.

J H van Wyk van die Hammanskraalse Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerke gee 'n algemene oorsig van kerklike en teologiese standpunte rondom geweld en probeer ook enkele antwoorde na vore bring. Hy probeer om met enkele omvattende lyne by alle relevante sake uit te kom.

Christa van Wyk van die Regsfakulteit van UNISA benader die saak van burgerlike ongehoorsaamheid vanuit 'n regsoogpunt. Sy dui aan wat die basis en grense van wettige burgerlike ongehoorsaamheid is en hoe dit in regsterme gedefinieer word. Sy gee ook 'n aanduiding van watter optredes in regsterme as burgerlike ongehoorsaamheid gesien kan word en watter nie. Dit is 'n goed gefundeerde bydrae.

G J Pillay van die Departement Kerkgeskiedenis aan UNISA sluit aan by die werk van Christa van Wyk deurdat hy fokus op die verskynsel van burgerlike ongehoorsaamheid soos dit in die geskiedenis van die Christendom na vore kom. Hy openbaar 'n mate van vooringenomenheid ten gunste van 'n opvatting van algehele geweldloosheid. Hy beperk hom by die meer kontemporêre literatuur nie net tot uitsluitlik Christelike opvattings nie, maar slaag nogtans

goed daarin om 'n mens te laat nadink oor hoe hy as Christen die gebod van naasteliefde moet interpreteer en toepas.

Hy trek die lyn deur tot by die optredes van Ghandi (met sy Hindu-agtergrond, maar ook beïnvloed deur die bergrede) en Martin Luther King ('n Christen wat deur Ghandi beïnvloed is). Al sou 'n mens kritiek kon lewer op sy werkmetode om hom nie net tot suiwer Christelike standpunte te beperk nie, slaag hy goed daarin om 'n mens te laat nadink oor die vraag of burgerlike ongehoorsaamheid, soos hy dit definieer, nie dalk die sterkste en uiteindelik doeltreffendste, maar ook eg Christelike vorm van protes teen owerheidsonreg is nie. Sy definisie van burgerlike ongehoorsaamheid is 'n 'essentially nonviolent action directly involving the breaking of unjust laws in order to renew the law and the willingness to accept the consequences of law-breaking with the hope to touch the conciences of people and espesially those in authority who can change the law or make right what is wrong'.

In dié opsig is die alternatief wat hy voorhou 'n welkome klank in Suid-Afrika waar 'n teologie van revolusie dikwels toenemende geweld aanblaas.

B J van der Walt (van die IRS aan die PU vir CHO) lewer 'n bydrae oor die roeping van die staat en onderdaan. Hierin neem hy die problematiek op populêre wyse onder oënskou.

Prof B Goudzwaard van Nederland behandel die diepste oorsprong, opkoms en aard van ideologieë en die gevolge van die oorheersing deur ideologie vanuit filosofiese oogpunt.

E S A Ayee van Nairobi handel oor hoe 'n Christen onder 'n totalitêre regering wat nie godsdiensvryheid toelaat nie, kan oorleef en die Here dien. Hy konsentreer op gevallestudies van die kerk in Rusland en China en kies baie duidelik vir die Petriniese standpunt van geduldige lyding ter wille van 'n mens se geloof. Daarby wys hy ook op die groot oorlewingswaarde van huisgemeenskappe ('fellowships') of huisgemeentes.

S I du Toit van die Departement Sielkunde aan die Universiteit van Pretoria gee aandag aan sielkundige oorwegings rondom sosiale geweld wat uit edele motiewe voortspruit.

N J J Olivier (Regsfakulteit aan die PU vir CHO) bespreek die ingrype wat wetsmaatreëls, wat op rassediskriminasie gegrond is, op menseregte in Suid-Afrika gemaak het.

J A Robinson van dieselfde Fakulteit bespreek die vraag hoe verpligtend militêre diens vir 'n Christen moet wees vanuit 'n regsoogpunt.

J C Pretorius (Departement Fisiologie aan die PU vir CHO) bespreek geweld in die geneeskunde en meer spesifiek die geneeskunde wat

as ingrypende geneeskunde beskou kan word.

J P L Reinecke van die Departement Fisika aan dieselfde Universiteit bespreek kerngeweld en konsentreer veral op die gevolge van 'n sogenaamde kernwenter.

Die bundel is nie die eerste of die enigste van dié aard op die Suid-Afrikaanse mark nie, maar lewer tog 'n stewige bydrae tot die gesprek rondom geweld. Dit is goed bruikbaar, open perspektiewe en is aan te beveel.

---

**Pont, A D 1991 – Die historiese agtergronde van ons kerklike reg, deel 2**

Pretoria: KITAL. 369 bladsye. Prys R50,00

**Resensent: Prof P J Strauss**

A D Pont se *Historiese agtergronde van ons kerklike reg, deel 1* verskyn in 1981. Hierin bespreek hy die ontstaan – in die Genève van Johannes Calvyn – en ontwikkeling van die 'presbiteriaal-sinodale kerkregeringstelsel' tot en met die Dordtse Kerkorde van 1619.

Nou, 'n dekade later, neem hy die spoor van die wel en weë van hierdie tradisie verder, hoofsaaklik soos wat dit hom vanaf 1652 tot 1852 aan die suidpunt van Afrika voordoen. Dit geskied aan die hand van drie afdelings: eerstens 'n evaluering van die Nederlandse Algemene Reglement van 1816 (4 hfste) wat belangrike invloed op die kerkordelike worstelgang in sommige van die Afrikaanse kerke sou uitoefen, tweedens 'n bespreking van die kerkordelike ontwikkeling vanaf 1652 tot 1843 in wat sedert 1842 formeel as die Nederduitse Gereformeerde Kerk bekend staan (6 hfste) en derdens 'n breër historiese skets van die vestiging van wat Pont die Voortrekkerkerk noem (8 kort hfste). Die laaste hoofdeel, in teenstelling met die eerste twee wat elkeen ongeveer 130 bladsye uitmaak, beslaan 75 bladsye en word deur die skrywer binne die periode 1834-1852 geplaas.

Met die uitsondering van sy laaste afdeling waarin daar geen in diepte bespreking van 'n spesifieke kerkordelike dokument voorkom nie, volg Pont die indeling van eerstens 'n bespreking van die historiese agtergrond vir 'n bepaalde periode, dan word die kerkordelike dokument van daardie tyd in sy geheel weergegee en laastens evalueer en tipeer hy die betrokke dokument. In die proses skroom hy nie om die neerslag van afwykende invloede, gemeet aan sy eie 'presbiteriaal-sinodale' opvattings, aan te toon nie.

'n Bibliografiese lys volg nie aan die einde nie, omdat die skrywer ná

elke hoofstuk in afdelings 1 en 2 en ook aan die einde van afdeling 3 as geheel van aantekeninge gebruik maak. Hierin verskaf hy 'n bevredigende verskeidenheid van geraadpleegde (ouere en meer resente) werke en benut hy die geleentheid om interessante stukkies verdere inligting en kommentaar (wat in sommige gevalle vra vir verdere debat) te verskaf. Trouens, gedagtig daaraan dat die outeur in 1992 emeriteer, illustreer hy op hierdie stadium as akademikus die besondere vermoë om wyd belese, beheersend en interpreterend met sy stof om te gaan. Direkte aanhalings kom ook feitlik deurgaans doelmatig voor. Hiernaas handhaaf hy 'n selfstandige eie gedagtelyn wat pas by 'n deurwinterde beoefenaar van sy vak.

Die benaming 'historiese agtergronde van ons kerklike reg' vir die boek word nie in alle opsigte duidelik uitgeklaar nie. Terwyl die woorde 'historiese agtergronde' min of meer vir sigself spreek, geld dieselfde nie vir 'ons kerklike reg' nie. By nadere ondersoek kom uitdrukkings soos 'ons kerklike reg in Suid-Afrika' en die orde van 'ons kerk' (bl 1) na vore. Daarmee wil die outeur na alle waarskynlikheid die historiese lyn eventueel deurtrek na die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika wat, ter wille van afronding, 'n derde deel in hierdie reeks noodsaak. Die feit dat die boek eindig by die sogenaamde Voortrekkerkerk wat hom, aldus Pont, kontinueer in die Hervormde Kerk, bevestig hierdie punt. Miskien bied sy emeritaat aan hom die geleentheid om ons nie te lank (weer 10 jaar!?) daarop te laat wag nie!

So verstaan, dek die vlag van hierdie boek ook die lading en vorm dit deel van 'n noodsaaklike poging deur die outeur om die kerkregtelike geskiedenis van veral die Hervormde Kerk, en uit die oogpunt van 'n Hervormer, te skrywe.

Dat professor Pont hiermee saam 'n belangrike bydrae tot die kerkregtelike literatuur in Afrikaans lewer, staan vas. In die eerste plek bring hy dokumente soos die Nederlandse Algemene Reglement van 1816 en sy meegaande reglemente (hy gebruik die weergawe van Hooijer van 1846), De Mist se 'provisioneele' kerkorde vir die Kaap van 1804 (die teks kom uit Dreyer se 'Boustowwe' van 1936), die Algemene Reglement van die eerste Nederduitse Gereformeerde Sinode van 1824 en die bekende Ordonnansie 7 van 1843 aan die Kaap meer geredelik binne die bereik van Afrikaanse studente in die Kerkreg. Saam gesien met die historiese agtergronde en kommentaar wat hy hierop verskaf, verseker die outeur dat sy boek – soos dit die geval is met deel 1 – deur vele geleerdes en studente geraadpleeg en gebruik gaan word.

As 'n interpretasie wat op sommige kernpunte van byvoorbeeld C J H

de Wet en E P J Kleynhans verskil en wat – op sy minste – in sy eie kring gesaghebbend sal wees, moet die werk van Pont eenvoudig ernstig geneem word. Ons het hier immers te make met nuut gewerkte navorsing wat op sy beurt krities omgaan met bestaande opvattings en wat vra na die oorweging van ander moontlike perspektiewe in die antwoorde op bestaande vrae.

In die tweede plek verteenwoordig sommige gedeeltes van die boek onteenseglike hoogtepunte. Ek dink hier veral aan Pont se uiters bekwame uiteensetting en tipering van die Verligting of *Aufklärung* (hy gebruik die term 'Verligtheid') uit die sewentiende en agtiende eeue en die invloed daarvan op die kollegialisme as kerkregeringstelsel (bl 112vv) en meer spesifiek die Reglement van 1816, sy afwys van De Wet se oortuiging via A Kuyper 'ter wille van die korrektheid van die argument', dat die kerkorde van De Mist in die Duitse kollegialisme wortel, hoewel dit onteenseglik – Pont motiveer voldoende – vrugte van die denkgoed van die Verligting vertoon (bl 119), sy skerpe raakvat van De Mist se siening van die samelewing (bl 172-174) en hoe dit sy kerkorde beïnvloed het en sy genuanseerde opsomming van die verskillende tradisies wat in die Reglement van 1824 aanwesig is (bl 230). Pont meen om in sommige opsigte hierin, soos by die kerkbegrip, 'verenigingskerkreg' (as neerslag van die Verligting) te ontdek en in ander, soos by die ampte, die 'Calvinistiese' tradisie.

In hierdie gedeeltes is die skrywer op sy spreekwoordelike beste. Sy gedagtetrant is maklik om te volg en sy woordkeuse maak die stof toeganklik vir meer mense as diegene met 'n kundige belangstelling in die Kerkreg. Daarby sal dit die student wat soek na die dieper agtergronde van hierdie kerkordelike dokumente loon om die werk te raadpleeg.

Aan die kritiese kant die volgende opmerkings:

- Op talle plekke maak die outeur stellings wat ongemotiveer is en derhalwe onaf voorkom. Van die sterkste voorbeelde in dié verband is die stelling dat die Engelse owerheid wat ná 1806 aan die Kaap oorgeneem het, die Kaapse Kerk vir politieke doeleindes kon misbruik omdat die owerheid uit die Anglikaanse kerktradisie kom (bl 206), sir Harry Smith wat die Vrystaatse gemeentes ná die anneksasie van dié gebied in 1848 op een of ander manier by die Kaapse kerklike struktuur sou ingelyf het (bl 308, 309), terwyl dit tog bekend is dat hulle in 1850 langs kerklike weë die Ring van die Transgariep vorm, Potgieter wat Pretorius sou verhinder het in sy poging om die Engelse im-

perialisme teen te staan (bl 307) sonder dat 'n verduideliking gegee word van hoe hy dit kon gedoen het en Pretorius as die een wat hom veral en in teenstelling met Potgieter, vir die Trekkers wes van die Drakensberge bewyer (bl 312). So 'n ongenuanseerde weergawe van gebeure waarin sy natuurlike 'opposisie' telkens aan die kortste end trek, skep mettertyd die indruk dat hy nie werklik onpartydig aan die hand van sy uitgangspunt na die geskiedenis kyk nie. Hoe bevooroordeeld Pont soms – sonder motivering – deurkom, blyk uit sy losse stelling dat 'alle liberaliste van alle tye...nooit die vrymoedigheid het om openlik te sê wat hulle standpunt is of waarheen hulle op pad is nie' (bl 99) of dat die Kaapse (Ned Geref) predikante wat deur die Britse owerheid besoldig is, die Kaapse Kerk as 'n 'bolwerk van ortodoksie' beskou het en 'alles daarbuite 'n laagtepunt van heidendom' (bl 269). Hierdie opmerkings vra op sy minste voorbeelde en kan in hulle veralgemenende trant eenvoudig nie waar wees nie. Voeg hierby Pont se eensydig positiewe beeld van die Voortrekkers (bl 271).

- Onwetenskaplike taalgebruik en afleidings kom soms ook voor. Ten opsigte van taalgebruik word die volgende voorbeelde voorgehou: 'n presedent wat later 'nogal' navolging vind (bl 166), die Kaapse Sinode van 1837 wat 'nogal hooghartig' teenoor die Groot Trek optree (bl 275) en Erasmus Smit teen wie 'seker' meer gesondig is 'as wat hy gesondig het' (bl 298). Voorbeelde van afleidings sonder behoorlike gronde, is: Die uitspraak van die Kaapse Sinode van 1837 teen die Groot Trek sou 'in beginsel' 'n verklaring bevat dat die Voortrekkers se lidmaatskap van die Nederduitse Gereformeerde Kerk verval het (bl 274) – dit blyk nie uit die herderlike brief van die Sinode oor die Trek nie, maar pas by Pont se eie oortuiging van (wettige) Trekkerbegeertes na 'n organisatories onafhanklike kerk binne 'n vrye staat; die meeste Trekkers sou geweet het dat as hulle die Kolonie verlaat, hulle ophou om lidmate van die Kaapse Kerk te wees (bl 277) – hoe op aarde kan dit vasstel word?; en eers ná die Sandrivierkonvensie van 1852 verander die houding van die Kaapse Kerk teenoor Trekkers wat buite die *Empire* woon (bl 291) – terwyl predikantedeputasies reeds vroeër 'n volledige bediening onder hierdie mense het.
- Die skrywer bly soms in gebreke om sommige prinsipiële onder-

skeidings in die gereformeerde Kerkreg op toepaslike plekke na vore te bring, byvoorbeeld dat daar persone was wat lidmaat van 'n gemeente en nie van die kerkverband was nie en dat 'n sinodale kommissie as 'hoogste bestuursliggaam' hiërargies en ook dáárom nie aanvaarbaar is nie (bl 264). Daarmee gaan die essensie soms verlore. Voeg hierby sy laaste hoofdeel wat meer neig na 'n historiese apologie vir 'n sogenaamde Voortrekkerkerk as wat dit op kerkregtelike aspekte konsentreer en waarin hy oënskynlik goedkeurend werk met die skema dat kerkgrense prinsipieel deur staatsgrense bepaal word (bl 273vv).

* Die boek eindig stomp en onaf met die Kaapse Sinode van 1852 wat die versoek goedkeur dat die Transvaalse gemeentes hierby ingelyf word. Die antwoord van hierdie gemeentes staan skynbaar oor. Verder verklaar Pont self in sy 'Woord vooraf' dat 1852 kerkregtelik gesproke 'nie juis' 'n afsluitingsdatum is nie....

Om op te som: Hierdie werk van professor A D Pont verdien om gelees te word – ter wille van die debat wat hieruit mag voortvloei sowel as die wêreld van kennis wat dit openbaar.

---

Saayman, W 1991 – Christian mission in South Africa

Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika. 128 bladsye. Prys R26,40

Resensent: Prof H G van der Westhuizen

Saayman verdeel sy stof van 128 bladsye oor ses hoofstukke en 'n lys van geraadpleegde werke. Vooraf is daar 'n voorwoord en 'n inleiding. Die tegniese versorging is uitstekend en die boek lees lekker – sowel wat taal as lettertipe betref.

In die voorwoord stel Nico J Smith dat 'there is a desperate need for a new way of understanding and undertaking mission...a serious call to the church in South Africa to become a site of struggle in order to keep alive the ideals of humanity, freedom and justice....' In die inleiding stel die skrywer sy sentrale idee as *missio politica oecumenica* van die kerk in Suid-Afrika. Hy meen om hierdie tipe sending by die Wêreldraad van kerke en J Verkuyl te vind. Hy tipeer die ekumenies politieke sending soos volg: 'The Church is sent to all the spheres of human life, including the political one.' Hier is 'n onvolledige kerkbeskouing. Is die kerk soos hy na die politieke sfeer gestuur is, ook na die vermaaklikheidswêreld, die besigheidswêreld, die handelswêreld, die

boerderywêreld en so meer gestuur? Die antwoord is wel ja – maar nie die kerk in sy georganiseerdheid nie maar in die gelowiges wat die kerk is.

In die eerste hoofstuk *Mission, Politics and the Ecumene*, word die drie begrippe van sy sentrale idee per definisies ontleed. Die verwerplike verbintenis tussen sending en kolonialisme word in Hoofstuk 2 uiteengesit. Onder 'kolonialisme' word veral die aspekte van kapitalisme, rassisme, grondeienaarskap, dekulturasie en nasionalisme bespreek.

In hoofstuk 3 en 4 maak die skrywer 'n bestudeerde (in totaal verwys hy na byna 140 bronne) keuse om drie blanke en drie swart sendingpioniers onderskeidelik in Suid-Afrika te bespreek. Op 'n geleerde wyse bring hy elke pionier onder die lig van die skrywer se sentrale idee van politieke sending. Van die eerste pionier, John Philip (1775-1851), sê hy: 'Philip rejected racism, but remained to be a firm believer in colonialism and capitalism.' Interessant is die bespreking van biskop Colenso (1814-1883) wat as aangeklaagde ketter skeuring in die Anglikaanse Kerk gebring het tussen the Church of the Province of South Africa en die Church of England (Colenso se ondersteuners). Saayman sien 'n besondere oorspronklikheid by Colenso deurdat laasgenoemde die sending nie op Matteus 28:18-20 fundeer nie, maar op Lukas 2:13-14. 'n Verdere aspek van Colenso wat waardeer word en wat tewens deurlopend in die boek as 'n gesogte tema na vore kom, is 'that the South African church should be African, not partly westernised'. Die Hervormde Kerk se sendingbeleid is immers die volkome gekerstende verinheemsing van die kerk. In die onderhawige skryfwerk is dit egter oor en oor duidelik dat geen volkskerklike inheemsheid bedoel word nie, maar 'n internasionale inheemsheid met swart imperialisme. Die kerk in Suid-Afrika (the South African church), as 'n eenheidsorganisasie, 'should be African!'

Die derde blanke pionier is Andrew Murray (1828-1917). Hoewel Murray as 'n ekumeniese figuur waardeer word, word hy nie as 'n voorbeeld van politieke sending geprys nie: '[M]ission for Murray was evangelisation, and he would probably have denied its political dimension altogether – the typical pietist position.'

Die drie swart voorbeelde is Ntsikana (ca 1780-1821), Tiyo Soga (1829-1871) en Nehemiah Tile (dood 1891). Hoe Ntsikana 'n Christen geword het, kan blykbaar geensins nagespoor word nie. Dat hy 'n Christen was, spreek ook nie uit sy hooggeroemde 'Great Hymn' nie. Die waardering vir hom lê in die feit dat die kerk van sy volgelinge wat in 1911 gestig is 'n 'African family church' is en dat lede van die Ntsikana Memorial

Association ook lede van die ANC was.

Tiyo Soga, wat met 'n Skotse vrou, Janet Burnside, getrou het en geglo het dat God Afrika vir die nageslagte van Sem gegee het, word deur die skrywer waardeer weens sy erflating wat 'n bydrae is tot 'Black Consciousness and even Pan-Africanism'.

Tile word belangrik geag omdat hy die stigter is van die eerste van die sogenaamde Onafhanklike Kerke in Suid-Afrika in 1883.

In hoofstuk 5 word die ekumeniese perspektiewe nader uitgewerk. Onder 'ekumenies' word verstaan 'the organic, visible unity and renewal of the Christian churches'. Ook hier word drie sake uitgekies om onder die perspektief van 'ekumenies' te bespreek: Cottesloe 1960, the Message of the people 1968 en die Kairosdokument 1985. Al drie word positief bespreek met aanduiding, veral by Cottesloe, waar nog tekortkomings was ten opsigte van 'n suiwer Afrika-ekumene. Veral die Kairosdokument word byna as die kulminasie van ware sendinguitsprake in Suid-Afrika gesien: '...a timely word of prophecy in the contemporary situation.' En verder: 'Kairos can therefore be regarded as the clearest and most forceful statement yet on missio politica oecumenica of the Church to come out of South Africa.' Die teologie van die Kairosdokument, skerp en grondig beoordeel en verwerp deur 'n swart Kerk soos die Hervormde Kerk in Suidelike Afrika, word ongekwalifiseerd verwelkom.

In hoofstuk 6 word toekomsperspektiewe gegee. Ook in hierdie hoofstuk word sommige skewe uitgangspunte ingeneem, soos byvoorbeeld: 'Black South Africans [74 per cent of the population] had free access to only 13 per cent of the land...' en 'as a result [of Blood Rivier 1838], Afrikaners regard themselves as the Covenant people, God's chosen ones'.

Bekering sou beteken die dekolonisering van die denke van blank en swart en 'the transformation of the remaining colonial structures in South Africa'. Sending kom blykbaar neer op bevryding van die gekoloniseerdes, die armes en vroue!: 'Indeed, mission means discerning where God is at work and joining him there.'

Om met God saam te werk kom neer op die herevangelisering van die wit kerk, die swart kerk en die manbeheerde kerk. Die skrywer vereenselwig hom met J N J Kritzinger wat sê: '...white people need to be evangelised and converted into an African community life...This "homecoming" in Africa will be a slow and even painful process....' Ook vereenselwig hy hom met Kritzinger wat sê: '...the humanisation of white people...being mobilised for the liberation struggle.'

Die skrywer kom tot die standpunt dat die kerk 'a site of struggle' is.

Die woord 'struggle' kom op bladsy 119 dan ook nie minder nie as 12 keer op die één bladsy voor! Die Bevrydingsteologie en die Strydteologie (Teologie van Revolusie?) sou in geheel met die skrywer saamstem as hy sê: 'I do not operate with a very sharp dividing line between church or Christian community and world.' Die heersende teologie in die Hervormde Kerk sê: Pardon! Die kerk is in die wêreld maar nie van die wêreld nie.

---

**Kinnamon, M (ed) 1991 – Signs of the Spirit. Official report: WCC seventh assembly, Canberra, Australia, 7-20 February 1991**

Grand Rapids: Eerdmans. 396 bladsye. Prys $23.50

Resensent: Dr I W C van Wyk

KWANTITATIEWE ASPEKTE

Die boek bestaan uit die volgende hoofstukke:

* 'n Persoonlike oorsig en inleiding deur Michael Kinnamon.
* Die tema 'Kom, Heilige Gees – hernuwe die hele skepping'.
* Die sub-temas.
* Die werk van die Wêreldraad van Kerke (hierna WRK): verlede en hede.
* Verklarings en oproepe aangaande sosiale aangeleenthede.
* Die rapport van die sewende vergadering.
* Aanvullende dokumente.

Die lengte van die hoofstukke wissel tussen 10 en 63 bladsye. Die boek beskik oor 'n volledige onderwerpsindeks. Baie waardevol is die meer as honderd bladsye met die name van al die afgevaardigdes, waarnemers, deelnemers, sprekers, beamptes ensovoorts. Daar kom 28 foto's van die gebeure in Canberra en van die hooffigure van die WRK in die boek voor.

Aangesien hierdie 'n amptelike verslag van 'n algemene vergadering is, is die ander items soos die bibliografie, die aangehaalde werke en skryfstyl wat vir 'n boekresensie ter sake is, hier nie relevant nie.

KWALITATIEWE ASPEKTE

Dit is vanselfsprekend dat almal wat in die doen en late van die WRK belangstel, hierdie amptelike verslag onder oë sal wil neem. Dit word ook aanbeveel dat meer as net die belangstellendes in die WRK hierdie verslag sal lees. Wat daar gebeur het en wat daar gesê is, is vir die mense in Suid-Afrika uiters relevant. Juis omdat 'n groot gedeelte van die besprekings oor die verhouding tussen die Evangelie en die kultuur gehandel het, sal

hierdie verslag so baie mense in hierdie land interesseer.

Dit was die eerste keer in die geskiedenis van die WRK dat die Algemene Vergadering die Heilige Gees as onderwerp gehad het en die vorm van 'n gebed aangeneem het. Dit is uiters insiggewend om te lees wat die Algemene Vergadering met hierdie tema en vormgewing gemaak het. Die twee hoofreferate oor die Heilige Gees naamlik 'Die Heilige Gees' deur Parthenios, die patriarg van Aleksandrië en Afrika, en 'Kom, Heilige Gees – hernuwe die hele skepping' deur Chung Hyun Kyung, professor in Seoel, is volledig afgedruk. So is die verslae van die besprekingsgroepe oor die subtemas ook afgedruk. Hierdie subtemas het oor die volgende onderwerpe gehandel: 'Gewer van lewe – bewaar u skepping', 'Gees van waarheid – maak ons vry', 'Gees van eenheid – verenig u mense' en 'Heilige Gees – hervorm en heilig ons'.

Vir die eerste keer in baie jare was Suid-Afrika en sy politieke probleme nie in die spervuur nie. Die inboorlingproblematiek van Australië het in 1991 meer aandag as Suid-Afrika getrek. Nogtans vind 'n mens 'n verklaring oor Suid-Afrika en soos verwag, is dit natuurlik niks anders as ANC-retoriek nie.

Die volledigheid van hierdie verslag gee aan 'n mens 'n beter perspektief op die verloop van die vergadering. Aangesien die kritiese kommentaar op die referate ook weergegee word, kom 'n mens tog ook tot die konklusie dat al die deelnemers nie maar net meelopers is nie. Gelukkig is daar ook mense wat teologies regsinnig is, wat werklik 'n poging aanwend om die teologiese basis van die Wêreldraad in orde te kry.

---

König, A 1991 – Bondgenoot en beeld. Deel 4: Oor die wese van die mens en die wese van die sonde

Halfway House: NG Kerkboekhandel. 259 bladsye. Prys R50,00

Resensent: Dr I W C van Wyk

KWANTITATIEWE ASPEKTE

Die boek bestaan uit twee afdelings, naamlik die *wese van die mens* en die *wese van die sonde*. Die afdeling oor die wese van die mens bestaan uit die volgende hoofstukke:

* Die mens as verhoudingswese.
* Die mens as verbondsmens.
* Die mens as beeld van God.
* Die fundering en normering van ons mensbeskouing.
* Enkele belangrike eienskappe van die mens.

Die afdeling oor die wese van die sonde beslaan die volgende hoofstukke:

* Belangrike aspekte van die sonde.
* Kernbegrippe van die sonde.
* Genesis 3 en 4.
* Die gevolge van die sonde.
* Die laaste hoofstuk dra die opskrif: In plaas van 'n [in] leiding.

Die lengte van die hoofstukke wissel tussen veertien en vyf en veertig bladsye. Die afdelings oor die mens en die sonde is ook ongeveer ewe lank.

In die literatuurlys word 110 aangehaalde werke gebied, waarvan sestien Afrikaans, een Engels (Suid-Afrikaans), tien Engels, agt Engelse vertalings van hoofsaaklik Duitse werke, vyftien Nederlands en sestig Duits is. Die meeste van hierdie werke is resent. Die res is klassieke werke van groot teoloë uit die kerkgeskiedenis. Dit is veral Karl Barth wat die aandag van die outeur geniet het. Die opmerking kan ook gemaak word dat die outeur hoofsaaklik uit bekende standaardwerke gewerk het.

Daar kom min aanhalings in die boek voor. Die skrywer het dus eerder van sy eie selfstandige denke gebruik gemaak.

Die boek is in 'n maklik verstaanbare Afrikaans geskryf. Slegs die taalkundige spesialiste mag dalk iets in die boek vind wat nie volledig taalkundig korrek is nie.

Die druk- en setwerk is beslis nie na wense nie. In die inhoudsopgawe verskil die lettertipes (behalwe as daarmee iets teologies gesê wil word) en drukfoute kom voor (bv by hfst 10: In plaas van 'n [in]leiding). In die literatuurlys is die kommentaar van Käsemann twee keer aangebied: een keer foutief, asook dat die uitgewer (Bornkamm) se naam verkeerd gedruk is. Dit is verder onduidelik en onseker of König se boek reeds in 1989 'n uitgawe beleef het. Verder heet die dogmatiek van Ott, Buri en Lochman 'Dogmatik *im* [nie *in* nie] Dialog'.

## KWALITATIEWE ASPEKTE

Ek is van mening dat daar met hierdie boek van professor König 'n hoogtepunt in die Afrikaanse teologie bereik is. Die redes is die volgende:

* Die outeur het sy eie selfstandige denke ingespan. Hier is dus nie sprake van 'n samestelling van verskillende teoloë se gedagtes nie. Die outeur weet wat hy wil sê en hoe hy dit kan en moet sê. Hier is werklik 'gelowig nagedink'.
* Hierdie boek getuig van die vermoë van die outeur om teologies te skep. Hy het eksegetiese resultate, dogmenhistoriese insigte,

dogmatiese perspektiewe, filosofiese oortuigings en die Suid-Afrikaanse situasie in een sisteem saamgevoeg. Sy kennis van dogmatiese grondprobleme en sy aanvoeling vir die maatskaplike relevansie van die teologiese antropologie het hom in staat gestel om 'n werk van metodiese gehalte te lewer wat ongekend is binne die Suid-Afrikaanse teologie.

* Die oorspronklike bydrae ten opsigte van die begrondingsprobleme in die teologiese antropologie maak dat hierdie boek met reg as 'n bydrae ten opsigte van die ekumeniese diskussie gesien kan word.

Die sterkpunt, maar tegelyk ook die swakpunt van die boek, is die sterk sentrale tese wat die outeur uitgewerk en konsekwent deurgevoer het. Die tese lui in kort soos volg: *Die mens is 'n verhoudingswese*. Hierdie veronderstelling word deur die verbondsgedagte ondersteun. Die mens as verbondswese moet die beeld van God wees. Daarom word die beeldskap van die mens in God gefundeer en aan Christus genormeer. Die gedagte van die mens as beeld van God word so, volgens my oordeel, tot 'n etiese imperatief verlaag. Die gedeelte oor die wese van die sonde is dus 'n noodwendigheid van hierdie boek, aangesien die sonde en die oorwinning oor die sonde (deur die mens) deel van die tese vorm. Die mens wat verhoudinge skep, altruïsties op sy medemens gerig is, sal, danksy sy morele ywer, beeld van God word.

Die sterkpunt van hierdie groot geslote tese of sisteem lê in sy aantreklikheid en aanloklikheid. So 'n konsekwent deurgevoerde tese, skitterend gedoen (asof hy nog 'n Duitser is) het sekerlik groot oorredingskrag. Hiermee moet professor König geluk gewens word.

Die swakpunt van so 'n tese is die konsekwensies wat dit inhou. Ten opsigte van hierdie boek word die volgende voorgehou: God, die God van verhoudinge, omdat Hy die God van liefde is, word tot die oerbeeld van die samelewing gedegradeer, aangesien Hy nie meer die handelende is nie. Die negatiewe word so die skuld van die mens, aangesien God nie meer handelend deur sy toorn mag ingryp nie. Hierdie deel van König se tese – die uitskakeling van God in sy toornige ingrype – is na my mening die punt waar hierdie tese of sisteem aangeval kan word. Twee redes word voorgehou: Eerstens moet die leser nie soos die outeur mislei word deur die bedenklike antwoorde van die Europeërs op die teodiseeprobleem nie. Die uitskakeling van God as regter het in werklikheid meer probleme geskep as wat dit opgelos het. Hiervan is mense soos Oswald Bayer, Edmund Schlink en Wil-

fried Joest getuies. Tweedens geskied daar eenvoudig nie reg aan die Bybelse boodskap wanneer die gerigsdimensie weggeredeneer word nie. Met die inagneming van die gerigsdimensie sal die mens bevry word van die las om vir alle negatiewe sake skuld te aanvaar en sal 'n leerstuk soos die hel weer teruggeplaas kan word in die Godsleer. Dat die mens, wat beeld van God is, as die skepper van die hel uitgebeeld word, is seker maar 'n konsekwensie van die moralisme.

Hierdie uitstekende boek kan en moet positief aanbeveel word. Ten spyte van talle besware en kritiek (dat dit bv ideologies te deursigtig is), is dit die een boek wat gekoop moet word, al is dit dan net ter wille van die voorbeeld oor hoe goeie teologie geskep word.

Ons bede is dat die outeur gespaar sal bly om Deel 5 van 'gelowig nagedink' te kan voltooi.

---

**Volkman, B 1990 – Wo ist Wahrheit?**

Neuhaus-Stuttgart: Hänssler. 75 bladsye. Prys onbekend

**Resensent: Prof F J van Zyl**

Hierdie publikasie in klein-formaat en sagteband is 'n verwerking in vier hoofstukke van voordragte wat die outeur voor verskillende Christelike kringe in Duitsland, Switserland en Oostenryk gehou het. Hoewel geen vakteoloog nie, verraai hierdie werkie tog dat die gelowige professor in wiskunde aan die Universiteit van Stuttgart wyd gelees het in die teologie en vir homself grondig rekenskap gegee het van fundamentele geloofsake. Sy oogmerk volgens die uitgewer van die werkie is om die intellektuele mens van vandag, wat die grense van wetenskaplike denke ken, te oortuig dat die laaste absolute waarheid gevind kan word as eerlik daarna gesoek word.

In die eerste hoofstuk word die vraag behandel wat waarheid is. Teenoor die moderne mens vir wie waarheid alleen wetenskaplike waarheid is, word die absolute waarheid gestel wat in teenstelling met die wetenskaplike waarheidsbegrip antwoorde gee op die diepste vrae van menswees en die toegang tot God vir die mens open. Dit is 'n waarheid wat buite elke menslike moontlikheid lê, intellektueel sowel as sedelik-moreel en religieus-kulties. Dit is openbaringswaarheid, waarheid wat werklik geword het in die Persoon wat van Homself gesê het: 'Ek is die waarheid.'

In die tweede hoofstuk word die probleem van waarheid en toleransie behandel. Die skrywer grens hom hier veral af teen die humanistiese to-

leransie-beskouing wat gegrond is op die opvatting dat die mens in sy diepste wese goed is, dat die goeie kenbaar is deur die menslike verstand en dat die weg na God geleë is in die menslike strewe na sedelike en geestelike volkomenheid. Verdraagsaamheid in die humanistiese denkwêreld beteken, ooreenkomstig die opvatting van Lessing, 'n afstand doen van die waarheid in absolute Skriftuurlike sin. In sy bekende parabel van die drie ringe, het die oorspronklike ring, die absolute godsdienstige waarheid, skynbaar verlore gegaan. Daaruit moet afgelei word dat die vraag na waarheid nie gestel mag word nie, nie in die Christendom, Jodedom, Islam of enige ander godsdiens nie.

Omdat die egte ring skynbaar verlore geraak het, bly nog net die wedywering in beter naasteliefde vir die edele mens oor: 'Die godsdienste moet, soos dit vandag gevra word, net daarin met mekaar wedywer, wie die beste ontwikkelingshulp bied, wie die beste sosiale betrokkenheid toon, wie die meeste doen om die hongeriges in die wêreld te voed, want dit is 'n prysenswaardige doel vir alle goeie mense.'

In die Nuwe Testament beteken 'toleransie' egter nooit afstand doen van die waarheid nie. Die waarheid, in Christus geopenbaar, moet in naasteliefde en liefde vir die vyand verkondig en voorgeleef word. Verdraagsaamheid beteken vanselfsprekend dat Christene sal opkom vir vryheid van spraak, vir godsdiensvryheid en menseregte in die samelewing. Nooit egter beteken dit dat afstand gedoen word van die waarheid nie, dat Christus só verkondig word dat mense voor 'n beslissing gestel word nie.

Die derde hoofstuk handel oor die verband tussen waarheid en die etiese handeling. Aanvanklik word gestel dat geen gemeenskap ordelik en verantwoordelik kan bestaan nie sonder die inagneming van maatstawwe en algemene riglyne. Die ware norm vir die menslike handeling kan egter nie in algemene filosofiese en ideologiese grondslae gefundeer word nie. Die swakheid van hierdie etiek is daarin geleë dat dit wel norme kan bepaal, maar die krag ontbreek om dit ten uitvoer te bring. Christelike handeling het egter 'n ander grondslag. Dit is nie 'n poging van die mens om hom in eie krag uit die modder te probeer sleep nie, maar veel eerder 'n antwoord op liefde wat ontvang is van God, liefde wat die mens in Christus verlos. Miskien is hierdie hoofstuk die een wat die meeste kritiese vrae wek. Die klem wat gelê word op die krag wat 'n mens nodig het om die wet te volbring, laat 'n mens onwillekeurig rondkyk of die Rooms-Katolieke *gratia infusa* nie iewers om 'n hoek loer nie. As gestel word dat die mens soos hy is, aangeneem kan word en in die

diepste sin van die woord verlos kan word as hy homself maar onvoorwaardelik aan Jesus Christus toevertrou, dat Christenwees iets vir mense is wat só belas is dat hulle onder die las van hulle eie skuld ineenstort en vertwyfeld na verlossing, na redding roep, dan kom die vraag op of menslike inisiatief nie dalk voorwaardelik vir ontvangs van God se genade gestel word nie. Die Bybelse getuienis is tog immers dat 'n mens eers 'n besef van die grootheid van sy skuld kan hê nadat die evangelie aan hom geopenbaar het wat dit God gekos het om die mens daarvan te verlos.

Die vierde en laaste voordrag handel oor die sosiale en politieke verantwoordelikheid van die Christen. Van die vier het hierdie voordrag die mees lokale kleur in sover politiek-maatskaplike toestande in die Duitse Bondsrepubliek hoofsaaklik ter sprake kom. Desnieteenstaande toon dit 'n merkwaardige ooreenkoms met toestande in eie omgewing. Twee sienswyses oor maatskaplik-politieke betrokkenheid word aangetoon: eerstens diegene wat sodanige betrokkenheid afwys as vuil en sondig waarmee 'n Christen niks te doen behoort te hê nie en daarteenoor diegene wat sodanige betrokkenheid en die najaag van die eng begrensde doelwitte juis voorrang wil laat geniet in die Christen se lewe. Hierteenoor stel die skrywer drie teses: Politieke betrokkenheid is geen vuil of sondige aangeleentheid nie – dit is 'n skeppingsordening dat mense in geordende strukture saam moet woon. Die koninkryk van God is nie van hierdie wereld nie, maar is 'n geestelike ryk met 'n eie orde en het voorrang in die lewe van 'n Christen. Die binding aan die heerskappy van God maak die gelowige vry om aan die keiser ook te gee wat hom toekom. Skerp word die twintigste eeu getipeer as 'n tyd van agteruitgang op die vlak van omgewing, familielewe, huwelik en staat. Verantwoordelike optrede in so 'n tyd is alleen moontlik as 'n mens immuun geword het vir die tydsgees, dit is alleen moontlik as 'n mens se lewe gegrond is in die tydlose ewige waarheid wat voorkom dat hy heen en weer geslinger word deur die heersende tydsgees.

Die werkie sny heelwat aktuele sake aan wat die lees daarvan die moeite werd maak.